# JOHNNY STRYDOM EN SEWES VAN WYK

**Datum:** 21 Maart 2010
**Plek:** Pretoria
**Vraagsteller V:** Lise-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit

**Antwoordstellers JS:** Johnny Strydom | SANAE 6 1965
**SW:** Sewes van Wyk |SANAE 3 1962 |leier SANAE 6 1965
**SWV:** Die vrou van Sewes van Wyk

**V:** Die eerste vraag wat ek altyd vra is hoe het dit gekom dat julle Antarktika toe is die eerste keer en dan die tweede keer en...
**JS:** Kan ek hulle maar vertel?
**SW:** Vertel hulle maar.
**JS:** Ek het ’n meisie gesleep hier op Tukkies met die naam van Molly Walker en ek en hy het al twee met ’n sleep daar by haar uitgekom. So hy het haar gesleep en ek het haar gesleep. Maar ek het voor hom ’n afspraak met haar gehad en hy moes toe weg en die volgende dag toe kom neem hy wraak, toe kom vra hy of ek nie Suid-Pool toe wil gaan nie.
**V:** Ag nee (lag).
**JS:** En sy is met ’n predikant getroud.
**V:** Op die ou end en toe het julle al twee nou maar daar op die ys gaan sit.
**SW:** Toe die volgende dag was ek maar baie nuuskierig en dit was ’n verskriklike warm dag en ek was besig met my proefmeting en ek besluit toe ek sal ’n paar keer net Vervoer toe gaan en net kyk uit nuuskierigheid toe wat doen hulle. En daar praat hulle my toe om om te gaan en dis hoe ek toe daar beland het.
**V:** Het hulle toe al gesê dit gaan, jy gaan eintlik maar na die gletsers moes kyk of as wat was jy aangestel? As ’n landmeter?
**JS:** As landmeter, ja.
**SW:** As ’n landmeter.
**JS:** Maar seker as ’n wetenskaplike, maar ’n landmeter nou.
**SW:** Ou Dirk Neethling, hy was besig met daai navorsing, hy het ’n teorie ontwikkel oor die beweging van die ys en gletsers en ek moes dit gaan toets op Antarktika.
**V:** Ek sien.
**SW:** So dit was deel van ’n aaneenlopende projek.
**V:** So half as deel van die navorsing moes mens maar data versamel en sulke dinge?

**SW:** Ja.
**JS:** Dis reg.
**V:** En self?
**JS:** Ek? Ag jy weet ek het myself op universiteit gehou, daai tyd het ek, dink ek, by die Departement Toegepaste Wiskunde by Tukkies gewerk as ’n tegnikus, ek was die senior tegnikus daar en ons het al die praktiese klasse aangebied. Nou ja en by die Weerburo het ek op ’n stadium voor dit gewerk, jy weet. Voor ek dit geword het, en daar het ek nou met almal te doen gehad en daar was ’n Mnr Boschwa en hy het stralingsnavorsing gedoen. Toe ek nou daar werk, kyk die ou weerburo was mos daar naby die universiteit en toe het ek nou saam met hom gewerk en toe het ek beginne belangstel in die Antarktika ook, want ’n ou het gehoor jy kan ’n bietjie geld maak daar, jy sien. Want jy spaar mos nou ’n hele jaar se geld.

**V:** Ja jy gaan doen nou nie inkopies nie.

**JS:** En toe gaan doen ek nou, gaan ek as ’n weerkundige, maar ek het ook toe begin met die stralingsnavorsing. Jy weet, ek weet nie of julle weet van die stralingsnavorsing nie?

**V:** Nee, verduidelik?

**JS:** Ag, jy weet dit is, eintlik kan mens sê... ek moet nou baie mooi dink anders kan ’n mens lieg ook hier tussenin. Dit het, ’n mens sê, dit was gemik op navorsing wat die Noorweërs ook gedoen het om te kyk of daar meer energie uit die aarde ontsnap as wat in gesit word.

**V:** O, okay.

**JS:** Jy sien en dit laat ’n mens nou al dink aan hierdie *global warming* storie van deesdae en toe moes ek nou, nou sal jy my moet help - dit het te doen met lang en kort golwe wat ’n mens nou verskillende goed nou... ek kan nou nie onthou of poly-etileen net lang golwe deur laat en glas net kort golwe nie, ek kan nie onthou nie. Maar laat ons nie daaroor *worry* nie, ek sal dit weer moet gaan opsoek. Toe moes ek, ons het solarie-meters gebruik, ek dink nou baie lank terug, toe moes ek van die poly-etileen – jy het net velle gekry, moes ek nou *dome*-pies bou. Nou ek weet nie of jy gesien het hoe lyk ’n solarie-meter nie hy het so wit plaat en dan in die middel is hierdie ronde glas dingetjie en binne-in het jy nou hierdie… soos ’n termo koppeltjie. Is hy nou hierdie… te kry dan… dan is daar ’n klein stroompie wat jy kan meet so jy kan variasies en sulke goed meet en met ingewikkelde formules seker dan nou ander goed ook bereken, jy sien.

**V:** So dit is nogal ’n werk wat…

**JS:** En ek moes nou… ons het verskillende goeters gemeet. Van die solarie-meters het regop gestaan na boontoe en ander was onderstebo wat nou die oppervlakte se terugkaatsing gekry het, en dan het ons selfs in die weerkunde het hulle ’n groot bal gehad wat jy kan sien wanneer jy baie direkte son het, dan brand hy soos ’n vergrootglas, so groot bal. So ’n strepie en dan kan jy sien wanneer dit begin en al hierdie goed het goeters beteken, né? En maar nou wil jy ook graag die direkte son meet en toe het ek van Teudoliet ratkaste, teudeoliet en ratkassies gebou wat ek nou... want jy moes ’n ding kry wat die son dan daai spoed, dan ’n teuoliet goeters, dinge ratkassies, het ek gebruik en ratte, en hulle het by die weerburo vir my ook ratte gemaak en toe het nou so ’n lang ding, van kleiner gaatjies na groter gaatjies toe, sodat hierdie ding wat jy meet, hierdie solarie-meter hier agter, daai direkte sonstrale kan meet. Met swart skerms tussenin wat nou nie die wolke s’n ook daarby moet kry nie en hy moet elke dag gestel word want hy moet nou... dat hy nie afwyk nie want hy moet die son presies volg.

**V:** So is hierdie instrumentasie gemaak vir…

**JS:** Daai ene is gemaak, ja.

**V:** Op Antarktika?

**JS:** Ons het al hier vooraf gemaak.

**V:** O okay.

**JS:** Want jy sien ons het nie apparate daar om die ratte te sny nie en hier het hulle dit gehad, maar ek het voor die tyd die ding gebou. Ek kan nou nie onthou wat ek als gebruik het nie, maar kyk ek het darem ingenieurswese geswot so ek het ’n bietjie van ratte geweet, né? Sulke goed en toe die ding gebou en hy het wonderlik gewerk.

**V:** Ja, ja en dit was nou SANAE 3 gewees?

**JS:** SANAE 3 ja. Nou ja, ons het onder andere, het ek ook belangstel om te sien hoe lyk die temperatuur veranderinge as jy in die sneeu af gaan.

**V:** Ja. Dit moes nogal ’n werk gewees het.

**JS:** En ons het dit nogal ook gaan kyk. Ek het ’n suprie-boordjie, ’n suprie-boor. Dis ’n boor wat hulle so afgeboor het in die sneeu in, ek dink hulle gebruik dit in grond ook.

**SW:** In die paaie.

**JS:** In paaie om te sien hoe lyk die strukture en oral daar, wat is daar. En daar kon ons nou baie mooi sien hoe was die somerlae, jy weet. Want... Ek praat nou bietjie deurmekaar maar jy sal later my weer daaroor vra, dan gaan ’n mens weer daaroor praat. Maar dit was nou saam met die stories het ons ook die temperature gemeet. Die termokoppeltjies het ons gebruik en ’n suprieboor af geboor en dit nou aan ’n string gehang sodat dit diep in afstande is en dan ook 'n... wat het ons die ding genoem, ’n tensiometer né? Met ink. Dan het hy nou die verskillende temperature, en dis snaaks hoe dieper jy gegaan het, hoe konstanter het die temperatuur geword.

**V:** Ek wou nou net vra, soos ek verstaan word dit meer konstant en selfs warmer?

**JS:** Ja dis reg, ja jy kon dit sien, ja. En dan die ander interessante ding van dit was jy kon sien in die suprie-boor as jy daai ding uittrek, die *core*, dan kan jy eintlik sien hoe was elke jaar – hoeveel was die sneeuval en waar was die somerlaag. Want onthou ons het een, in ons jaar, want onthou dit was 1965, né? Het ons een dag ’n hittegolf gehad.

**V:** In Antarktika?

**JS:** Ja, ek het net donker brille opgehad, sonder ’n hemp en ’n broek en my Mukluks aan.

**V:** Werklik?

**JS:** Maar dit was net vir omtrent ’n uur, né en toe word dit baie koud.

**SW:** Toe kom die wind op.

**JS:** Ja as daai wind opkom, dit moet windstil wees, dan is dit baie koud. En dan in daai plus een, was nou regtig ’n hitte golf, dan word daai sneeu oppervlakte soos *smudge,* en dit klou eintlik aan als en dis eintlik ’n gemors. Dan kan jy daai lagie sien want hy vries nou ys en die ander is ge-*compress* sneeu jy sien? Sien jy daai lae? Elke jaar s'n.

**SW:** So jy kan soos ’n boom se jaar ringe die jare terug tel, maar wat vir my vrek interessant was, wat hulle opgetel het daar was besoedeling. Koolstof-besoedeling. Dit begin met die industriële revolusie en dan neem dit elke jaar toe.

**V:** Sjoe.

**JS:** Ja.

**SW:** Onthou jy?

**JS:** Ja.

**V:** So kon julle dit daai tyd al sien in die ys?

**SW:** Ons kon dit sien.

**JS:** Ja nou weet ons nie hoeveel lae is ons eie nie maar ons het baie reëls gehad van besoedeling. Maar nou moet ek julle iets interessants vertel, want selfs die geoloog en die ouens het belanggestel. Ons het vir ons ’n *longdrop* gegrawe daar in die ys gang, né? Maar voor ons daai *longdrop* gebruik het, het hulle in hom gaan kyk nou kon jy daai jaarringe mooi sien en hulle kon dinge opmeet ensovoorts. Ek weet nie of dit nou Dirk-hulle was nie, ensovoorts. En toe is hy eers in gebruik geneem, maar dit onthou ek baie goed en ek dink ons het hom 40 voet daai tyd gegrawe, né?

**SW:** Is dit nou daai lang bank wat hulle so vorentoe geskuif het elke paar jaar?

**JS:** Dis reg ja.

**V:** Want julle maak hom seker vol en dan grawe julle hom toe met ys?

**JS:** Want hy was so vol, ja. En dis interessant.

**SW:** Dit was ’n baie mooi ding. Was ’n mooi hout...

**JS:** Ja hy was mooi gebou.

**SW:** Met koper ringe.

**V:** Was daar darem ’n ou tydskrif of so ook gewees daar langs die *longdrop*?

**JS:** Ja dis reg ja, dit was mos die biblioteek daai.
**V:** In die *longdrop*?
**JS:** Ja, maar as ek nou goed is, het ek ’n foto wat ou Boetie John so kwaad vir my was wat ek hom daar afgeneem het binne die plek. (lag)
**V:** En agter op die *longdrop* se deur was daar ’n plakkaat van ’n mooi meisie?

**JS:** Oe ek sal jou netnou van mooi meisies vertel.
**SW:** Daar was met ’n een jaar vir sy verjaarsdag present ’n polistireen sitplek gegee om op te sit. Sodat daai goed geïnsoleer kon wees.
**V:** Ja dat hy lekker homself warm kan broei.
**JS:** Maar daar was baie stouter sedert want daar was Derik Sharwood en daai Zec Ezecowitz en selfs Danie en die manne was maar lekker stoute manne.
**V:** Is dit? Het hulle ’n glinster in die oë gehad?
**JS:** Oe jong, hulle poetsbakkery. Kyk ons sal julle netnou van daai storietjies vertel want kyk, waaroor het ons nou eintlik gepraat?
**V:** Oor hoe jy in Antarktika gekom het.
**JS:** O en kyk nou waar trek ons nou al.
**SW:** Hier by die *longdrop*. (lag)
**V:** Dis doodreg, dis 100%.
**JS:** Maar dis hoe dit gebeur het, jy weet. Ek het nou van die universiteit gepraat en ek het nou van die Weerburo gepraat, want ek het later by die weerburo gaan werk, jy sien. Ek moet nou eers mooi daaroor dink. My skoonma wat oorlede is, het ook by die plek gewerk en ek en die ou tannietjie het baie gesels en toe ek die eerste maal terugkom, so ek moes tweedens by die Weerburo gaan werk het. Toe het ek vir haar gesê ek kom daar by haar bly, sy het naby die universiteit gebly, jy sien. Ek dink dit is toe ek eers tegnikus geword het daarna. Dis hy, dis hoe ek by die toegepaste gaan werk het en toe ek nou daar gaan bly, jy sien, toe het ek my huidige vrou daar ontmoet eers. Dit was eers na die tweede keer hoor, wat ek toe daar gaan bly het. Toe het ek haar intussen ontmoet en leer ken jy sien.
**V:** So jy was nooit ’n getroude man gewees daar onder nie?
**JS:** Nee, nee.
**V:** Sou dit gewerk het?
**JS:** Ek glo nie ek sou daar gegaan het nie. Jy het mos ’n werk dan. (lag)

**V:** Ja, ja met so jaar weg en bitter min kommunikasie kan dit nie maklik gewees het vir getroude mans nie.
**JS:** Dis hoe ek my vrou nou ontmoet het. So die Weerburo het my aangesteek, jy sien, want ek het daar te doene gehad, jy het van die Marion-manne, die Gough-manne, en almal wat daar al het ek *sometime* sien *train*, en in die werkswinkel het hulle goeters gebou vir die projekte op die plekke.
**V:** So daar was so bietjie van ’n gees van, jy gaan Gough toe of Antarktika en dan...

**JS:** En dan leer ’n mens dit nou ken, jy sien. Toe ek teruggekom het, toe het ek bedank. Toe het ek universiteit toe gegaan, dink ek, en daar gaan werk.
**V:** Na SANAE 3 toe jy teruggekom het?
**JS:** Ja.

**V:** Okay ek sien en toe die volgende keer? Aansoek gedoen as leier? Of is jy gevra om leier te wees?

**JS:** Ja ek het aansoek gedoen en toe dit gekry ook.

**V:** So het mens destyds aansoek gedoen vir die leierspos?

**JS:** Ek het vir die leierspos aansoek gedoen, ja.

**V:** Ek sien. En dit was ook jou Departement van Vervoer?

**JS:** Van Vervoer en toe is dit eienaardig genoeg... Daai tyd wat het hulle die hoof van Departement van Vervoer genoem?

**V:** Die bestuurder?

**JS:** Direkteur of iets. Toe vind ek uit dit is 'n verre familie van my vrou nogal.

**SW:** Dit was ook 'n Danie Joubert gewees.

**JS:** Dit was 'n Joubert. Hendrik Joubert.

**SW:** Wat's sy naam?

**JS:** Hendrik van der Walt. Hendrik van der Walt. H. J. van der Walt, dis reg.

**V:** H.J. van der Walt, hy was Sekretaris van Vervoer?

**JS:** Sekretaris van vervoer. In elk geval, want ek onthou hy was toe nog op my troue ook.

**V:** So ewe?

**JS:** Ja

**V:** Moes julle enigsins met die Departement van Buitelandse Sake bietjie werk daai tyd?

**JS:** Kyk, ek weet nie. Hulle het maar al ons sake gereël, né? Maar wat ons daai tyd gehad het, ons het opleiding gehad. *Yesterday* hulle het ons darem deur toetse gevat hoor. Jy weet mos hierdie... om te kyk of jy 'n regte geaardheid is? Nou, kyk ek was maar bietjie mallerig op daai tyd, dis seker hoekom hulle my laat gaan het. (lag) Jy weet, ek het 'n gemaklike geaardheid met mense en ek dink dit het ook bietjie getel, jy weet. Ek kan onthou die verskriklike toetse en dan het hulle syfers en dinge gehad wat jy moes optel en ek weet nie wat alles moes jy doen nie, tot vervelens toe. Dan het hulle gekyk of jy moeg geraak het en of jy van die goed ge-*jump* het of wat ook al, jy weet. Ek weet dit was vermoeiende toetse.

**V:** Dit klink na geweldig baie toetse.

**JS:** En ek weet nie of hulle dit nog vandag doen nie, so kwaai nie, ek glo nie. Maar ons het deur verskriklike toetse gegaan.

**V:** Het hulle bietjie gekyk na julle agtergronde? Dat julle nou polities heeltemal op die regte pad is?

**JS:** Agtergronde en al seker sulke goed het hulle gedoen. Man, ons moes allerhande goed indien en jy moet onthou ons het daai jaar die eerste Suid-Afrikaanse basis gaan bou saam met Martin, né? Yesterday, daarvan kan ek jou ook stories vertel.

**V:** Klink my hulle het julle bietjie met 'n halwe basis agtergelos daar?

**JS:** Maar het jy al gehoor van hoe belangrik is 'n graaf en 'n merkerpaal in daai tyd?

**V:** 'n Graaf en 'n merkerpaal? Ja, vertel maar weer?

**JS:** Want kyk, 'n merkerpaal, soos as jy goed afgelaai het van die skip of van die bukta af... Jy het nou al gehoor van die bukta, né? Dis nou die yswal. Dan het jy... Daai hele pad is uitgestippel tot by die basis. Elke kilometer is 'n merker paal en dan het jy gery met 'n kompas, maar met daai ou Muskegs wat ons gery het, dis hengse ou staal ding - hy lyk soos 'n *breakdown* hierso agterop en hierdie twee plekkies voor en hy is nog so lekker

warm ook. Toe het ons met die ding gery en hy *drift* ook maar. As jy witsig het dan hou jy stil en jy ry nie verder nie, want dan weet jy nie waarheen ry jy nie en dan moet jy uitkyk vir die merkerpale en dan kom jy maar weer bietjie in lyn en so het jy by die basis aangekom. By die basis self moes ons baie van die goed aflaai, né? Dan het jy daar ook ʼn merkerpaal of meer daar in, want as daar ʼn storm gekom het, more is daai ding wat jy daar neergesit het, weg. Dan weet jy ek moet by hierdie merkerpaal graaf. So dis hoekom ʼn graaf so belangrik is, want ʼn graaf was een van jou beste vriende. Met hom het jy sneeu uit dinge gegrawe en dinge uit sneeu uit gegrawe.

**V:** Ek het foto's gesien van, sê nou maar die Muskegs wat vol ys is heeltemal binne-in.

**JS:** En wat was ons ou skoppeltjie se naam?

**V:** Pekanien?

**JS:** Pekanien. Hy was skoon weg daar in daai eerste jaar. Ek sal jou vertel hoe dit gebeur het.

**V:** Hoe?

**JS:** Kyk ons het baie hard gewerk om daai basis klaar te kry. Nou kyk die basis het bestaan uit, ek dink sewe geboue, né? Weet jy ek moet nou in my geestesoog... dit was dit *auxilary powerplant*, né? Die hulpkragkamer en dan was dit die kantore en dan was dit die slaapkwartiere...

**SW:** En die danssaal.

**V:** Het julle ʼn danssaal gehad?

**JS:** En dan was dit die...

**SW:** Die honde, die honde.

**JS:** Ja, maar kyk hy was op die heel anderste punt. Dan het ons eers die kombuis gehad, en na die kombuis het ons die kragkamer gehad, en na die kragkamer het ons ʼn soort van ʼn stoorkamer gehad en dan die hondegang, maar ons het baie gou uitgevind mens hou nie die honde, onder die.... Hulle is baie gesonder buite as binne-in ʼn plek. Hulle urineer vreeslik, dit vries en dis ongesond vir hulle.

**V:** Onhigiënies?

**JS:** Ja vir hulle.

**SW:** Daai danssaal het ʼn storie gehad.

**V:** Wat?

**SW:** Hy het sulke gelamineerde balke gehad en met al die ys wat daar opgehoop het, het dit begin sak en kraak en hierdie ou dik ou besluit eendag ons moet die ding oopgrawe en vervang. En die hele ekspedisie is daar uit en ons het vrek hard gewerk. Ons het naderhand die balke oop, toe besluit die *chef* om vars brood te bak. Vars brood met konfyt en ons is honger. En ons gaan almal af kombuis toe en toe ons lekker dik geëet het, toe het daar ʼn sneeustorm opgekom.

**V:** Agge nee.

**SW:** En daai hele gat toegemaak.

**V:** Agge nee! Hoekom het julle dit die danssaal genoem?

**SW:** Dit was groot.

**V:** Is dit?

**JS:** Kyk dit was die, kyk ons het ʼn gedeelte ook gehad wat ons die ysgang genoem het, né? Kyk ek is nou nog daar waar ons die ding gebou het en kyk dit was... ek weet nie of Martin julle vertel het nie?

**V:** Hy het ook gesê dit was harde werk.

**JS:** Nou kyk, ons het daai ding gebou. Nou, al die geboue is geïsoleerd van mekaar, nie waar nie? Daar was ʼn rede daarvoor. Sodat brand nie altyd als verwoes nie. En dan langs hierdie geboue het jy nou die sneeugang gehad. Ons het destyds, ek weet nie of julle kan onthou... ons het altyd van die paraffienblikke gepraat. Daai groot paraffienblikke wat

die deksel bo in het, wat destyds was dit Laurel paraffienkaste.

**V:** Ek het al in my ouma-hulle se huis daarvan gesien.

**JS:** Ja nou daai... maar ons het sulke kaste gehad en binne-in hierdie goed is dan baie kos voorrade gepak. Toe ons daai sneeugang gebou – hy het ’n dakkie gehad, ek kan nie onthou of ons hom van sink of wat gebou het nie en daai pale. Dan is al hierdie kos voorrade, die kassies is tussen-in opgepak. Die idee was as die ding toegesneeu raak, dan is hy geseël en soos ons die kassies uithaal dan het jy outomaties hierdie sneeugang. Kan jy dit onthou?

**V:** Ja, ek kan die storie onthou.

**JS:** Kan jy die storie onthou? En aan die kassie is so tou handvatsel gehad. Dis reg, sodat jy hom kan trek En agter het hy so staal *strap* gehad. Praat jy nie van die hondesleekassie nie? Dit was oulike kassies daai. Nee ek praat van die kosgang. Die kos kassies. Die kosgang se kassies. A2:, onthou jy ons kondensmelk raak op?

**V:** Wat het julle toe gedoen?

**SW:** Nou ons het sulke vensters gehad in ons slaapkamertjies van die dae toe die basis nog bo-op die oppervlak was en as jy die venster oopmaak dan is daar nou ’n muur ys. Hy sit so tevrede met homself en ek kyk deur die venster en ek sien daar lê net so hoop kondensmelk blikke.

**JS:** Ys holte.

**SW:** En ou Pottie[Potgieter], die ou wat die kitaar stukkend geskop het, was my buurman. Nou hoor ek hoe hy ’n blik oopmaak en jy kan mos hoor as iemand aan ’n blik suig.

**JS:** Het hulle die kondensmelk gesteel?

**SW:** En hy is so tevrede met homself. En ek kyk deur die venster en ek sien daar lê net so ’n hoop kondensmelkblikke. Nou ou Pottie was ’n weerkundige en hulle moes in die nag weerkundige lesings neem en ek het baie sterrekundige waarnemings gedoen, en het hy redelik van my goed getoets met die *GPS* en ek moes, ek het baie berekenwerk gehad om te doen. En ek wag een aand totdat Pottie by my deur verby stap, op pad na die weerkantoor toe en ek is agter hom aan en ek sit daar en bereken en hier’s ou Pottie weg in die gang, kosgang af en ek loer om die hoek en ek sien hy stap na ’n kas toe en hy trek hom uit (en ek het dit mooi gemerk) en ek is soontoe en ek het nog ’n kassie uitgetrek en met ’n groot gesukkel het ek myself ingewikkel daar agter die kaste in. Maar weet jy om daai kas terug te kry met net daardie staal trêppie. Ek het ampers die naels van my vingers afgeskeur. En ’n ruk later, nou as ek so kyk dan trek klank vreeslik goed en ek hoor hier kom ’n ou met die gang af gestap en hy trek hierdie kas uit en hy steek sy hand so in en ek vat sy hand en ek groet hom. Ek het nog nooit in my lewe so gil gehoor nie, maar dit was spookagtig in daai gang, dis half donker.

**V:** Ek kan net dink. Was dit toe Pottie gewees?

**SW:** Ek weet nie. Die volgende oggend met ontbyt sit ek daar en nou kyk ek elke ou so vol in die gesig, maar almal sit so uitdrukkingloos. Jy kan niks op ’n ou se gesig agterkom wie dit is nie.

**V:** Ai *shame*.

**JS:** Nou jy sien, dis nou SANAE 6 se stories daai hoor. Daai stoute lot. My storie is nou meer SANAE 3. Maar die ding wat ek eintlik by wil uitkom, ons het verskriklik hard gewerk, want ons wou so gou as moontlik daai basis bou – dis belangrik, jy weet, want in die winter, as die winter nader kom dan is dit geweldige winde en dis koud en dis storms en dis sneeu. Daar gaan jy nie gewerk kry nie. Man, en ons het omtrent dag en nag gewerk en ons kragopwekkers het ook nog nie gewerk nie. Ons het nog nie warm water en al sulke goed nie, né? Nou moet jy weet, as jy wil warm water hê, dan moet jy op die stoof gaan warm maak en daar is nog nie eintlik omtrent ’n stoof nie. Ons het so ou lister-enjintjie gehad wat buite geloop het en hy... het daar geloop. Dit was ’n Saterdag toe

besluit Marten hy het nou so hard gewerk, dis omtrent nou klaar, né? Ons gaan nou vanaand vir die eerste maal ontspan en ’n fliek kyk. Nou kyk daar was sulke kassies met so 'x' gemerk.

**V:** Ja?

**JS:** Daai 'x' het ons nou, daai kassies het ons met spesiale sorg hanteer, want in daai kassies was daar so bietjie *liquid remedy* en sulke goeters.

**SW:** Onthou jy ons biltong?

Ja. (lag)

**V:** Het julle ’n kas met biltong gehad?

**SW:** Ja maar daai biltong is so geslaat, voor jy dit eet om die mikro wurms uit te kry.

**JS:** Nee man.

**SW:** Jy moes ’n hele paar doppe in hê voor jy dit geëet het en jy het dit in die donker geëet.

**JS:** Maar in elk geval, ons kyk toe baie lekker fliek daai aand. Nou wil ek sit en dink wat is die fliek se naam. Al wat ek kan onthou, is dit het gegaan oor Brigitte Bardot en dit het gegaan op die see.

**V:** Sy was mooierig gewees.

**JS:** Ja, toe was sy nog jonk en mooi en ons was ook almal jonk. Nou ek sal vir jou sê, in daai nag breek daar ’n storm uit, né? Iets verskrikliks. Toe ons daai volgende dag wakker word – ons het lekker party gehou en ons het fliek gekyk en dit was baie lekker. Maar toe daai storm uitbreek en in daai oggend word ons wakker, toe kan ons nie uit daai basis uitkom nie. Toe het daai gang, nou niks was nou nog geseël nie, het hy *chock and block* toe van die sneeu. Jy sal dit nie glo nie en ons kan nie uitkom nie, ons moet êrens vir ons ’n gat uitgrawe om uit te kom en ons moet nou daarso... kyk tussen die geboue is mos nou darem, hy is nog net so. Daardeur het ons ’n gat gegrawe en daar uitgekom. Nou moet ons daai "lister"tjie soek. Want hy loop nog daar en hy kort brandstof, maar hy het nou sy paadjie by sy *exhaust*'tjie daar het hy ’n paadjie gemaak en hy loop nog rustig. Toe het ons hom oop gegrawe en vir hom diesolien gegee - daar gat hy weer aan. Toe is dit harde werk. Daai sneeu, jy kan nie glo dat hulle so vinnig kompakteer nie, maar ons het dit met blokke so uitgegrawe. Toe werk ons darem nou hard, maar toe is ons sneeugang nou geseël. Toe het ons nou ’n sneeugang, toe kan ons nou baie binne werk doen en jy moet onthou al die diesolien en die brandstof buite moes ons op stellasies pak. Die groot 44 gallon dromme is so neergesit, maar die... Wat was dit, 25 gallon wat die dieseldromme is? ...En van hulle moes ons in die sneeu gaan pak naby die kragkamer en ons moes altyd ’n paar dromme in die kragkamer hê, want hierdie goed, hulle vries so dat as jy hom oopmaak dan is hy soos petroleumjellie.

**V:** Ek wou nou vra as mens dit buite sit dit moet seker maar stol?

**JS:** Ja. Dis hoekom jy hulle moet in bring altyd, van die dromme, en hierdie ander weer inhou hierso want as jy vasgekeer word in ’n storm, dan kan jy nie gaan dromme haal nie. So ons het genoeg voorrade hier gehad, om die kragkamer. Nou ja, toe het ons darem nou die basis klaargemaak. Toe het ons nou ’n *geyser* en ons het warm water en ons stoof werk en ons verhitters in die slaapkwartiere werk, alles. Kan nou nie meer onthou wat het ons eerste gebou, die slaapkwartiere of wat nie. Dit was harde werk.

**V:** Maar toe kon julle nou meer met ’n tipe roetine aangaan?

**JS:** Ja en ons het ’n dieselstoof gehad en hy het wonderlik gewerk.

**V:** Ek hoor julle het so lekker brood gebak daai jaar?

**JS:** Ek kon nogal ’n brood bak.

**V::** En nou?

**JS:** Ek weet nou niks van kokery af nie. Ek het brode daar wat ek nog uitgehaal het, ek het ’n foto van myself. Maar daar was twee wat so bietjie bruiner was as die ander, hulle het ek amper toegemaal onder die doek. Maar ons het lekker brode gebak. Het julle gehoor

hoe ons gekook het?

**V:** Nee, nie heeltemal nie.
**JS:** Elke ou kry ’n beurt van ’n week, want... en dan kry hy ook ’n *skivvy*. Ek kan nie onthou of ’n *skivvy* saam met hom die week gewerk het nie. Die *skivvy* moet hom help skottelgoed was en tafeldek en al daai goed. Maar die kok moet nou kook, jy weet en as ’n ou *moan* oor die kos dan kan hy die kookbeurt met graagte oorneem. Jy sien, dit was die reëls. So jy het nie sommer *moans* gekry nie, want onthou nie almal... daai Sean Kavanagh, eendag kom ek in daai kombuis, toe het hy op daai diesel stoof, het hy die blikkies so neergesit. Maar ek sal vir jou sê ek vee daai goed daai af, maar die eerste een het al ge-ontplof. Toe sê ek vir hom daai goed gaan almal ontplof, maar jy sien...
**V:** Toe het hy toe blikkies op die stoof gesit on dit warm te maak?
**JS:** Ja. *Yesterday* as jy hom nou nog vat ek jy sit hom in water en jy kook hom daar dan sal dit dalk nog werk. *Yesterday*. Maar nou ja.
**V:** Jy het seker meer uitgesien na party mense se kos as na ander?
**JS:** Ja.
**V:** Wat was ’n *favourite* maaltyd gewees?
**JS:** Kan jy onthou wat was ’n *favourite* maaltyd?
**SW:** Dis midwinter.
**V:** Dit was midwinter?
**JS:** En wie het gekook?
**SW:** Het jy nie gekook nie? Ou Sewes was ons beste *chef*.
**JS:** Ek het ’n kalkoen gekook daai tyd.
**V:** Het julle ’n kalkoen afgebring van Suid-Afrika?
**JS:** Ja. Ek het ’n kalkoen daar gaar gemaak.
**SW:** Ons gehalte van ons kos was tops, jy kon nie beter kry nie.
**JS:** Ja. Kyk, nou baie goed... kyk ons uitstaande Sewes het selfs dinge soos aartappel poeier gehad. Maar as ’n ou bietjie inisiatief gebruik het dan kan jy nogal snaakse goed met die goed aanvang. Pasta en al sulke goeters.
**V:** En *Antarctic chicken*?
**JS:** En *Antarctic chicken* en ons kon nogal lekker gekook het. Ja ons het nogal lekker gekook dink ek, lekker geëet. Ek sal jou sê as ons so bietjie ’n storm gehad het dan loop jy nie so ver nie, dan het ons maar bietjie gewag met die goed. Want kyk daar was ook buite plekkies waar die ouens van hulle instrumente en goed gehad het buite. Dan is daar toue na die honde toe om hulle te gaan kos gee. Jy het toue gehad tot daar en dan moet jy weer met dit terug geloop het. Want kyk bokant die sneeugang het ons luike gehad.
**V:** 'n Wat?
**SW:** Luike.
**V:** Ek dag nou net lyke.
**JS:** Nee luike wat jy so oopklap en dit moes jy altyd verhoog soos die sneeu opbou, né? Dan moet jy daar waar jy met ’n leertjie op... nou kyk hierdie Charles Lautenbach, ai ons het hom darem verpes. Dan vertel ons vir hom nee hy kan maar maklik, as hy *skivvy* is, die goed gaan uitvat daar na buitentoe, die wind is omtrent windstil. Dan maak hy daai luik oop en hy klim daarso uit met daai sak goed dan vat die wind hom amper weg en al sulke goed. Ek wonder hoe ver was dit, dis ver daai waar ons die afval gegooi het?
**SW:** As ek so moet skat as ek reg onthou was dit so by die 800 m.
**JS:** 300? Seker? Want dit was ’n hele ent. Sodat dit weg was.
**SW:** 800 is ver, Sewes.
**JS:** Ja, 800 is te ver, jy sal dit nie maak nie.
**SW:** Verbeel my jy skiet 800 m dan kan jy ’n man omtrent nie sien nie.
**JS:** Maar ek onthou as ons daai ballonne altyd daar gelanseer het en die wind waai so bietjie

kwaai. Yesterday dan moet jy hardloop met daai ding voor hy mooi opgaan met sy metertjie, anders... wat het ons daai ding nou genoem?

**V:** Die radio-son?

**JS:** Ja, met sy tempertuurmetertjie, drukmetertjie in. Dit *strike* my nou ek moet myne nog gaan haal, maar ek sal hom nou gaan haal, moenie *worry* nie. Ek gooi altyd bietjie koue water by anders is dit te warm, omdat ek dit swart drink. Dis die radio-son, maar ek sit nou en dink hulle het van Finland af gekom en hy is mos van ligte aluminium gemaak en hy het 'n druk metertjie en 'n temperatuur metertjie en hy het 'n windmetertjie in. Soos wat hy nou opgaan kan jy mos binne al daai seine opvang en hulle plot. Dan kan jy sien hoe die wind gewaai het en wat is die druk met hoogte en watter hoogte is hy – al daai goed het hy gehad. Maar dan moet jy hardloop dat daai ding nie stukkend waai nie. Weet jy, binne in die ding, as iemand so iets sou optel dan kan jy hom, dan is daar 'n kontaknommer of goed in. Dan kan jy nou sien waar partykeer het daai goed nou geval, maar ek kan nou nie meer onthou nie. Partykeer het hulle nou baie ver gekry.

**V:** So die basis, toe hy nou al klaar gebou is, het hy darem relatief lekker gebly?

**JS:** Hy het lekker gebly weet jy, ons het gevind dat 'n baie leefbare temperatuur in die kamers, is so +7, anderste is dit te warm.

**V:** Werklik?

**JS:** Dis omdat 'n mens so aangepas is. Ja en dan het ons miskien gerieflik onder een of wat kombers geslaap met jou pajakkies aan en *what have you*. Elkeen het so lekker slaaphokkie gehad en dan het jy so soort van 'n bed gehad waar jy onder slaap en bo. Nou sal jy sê nou maar waarvoor moet jy nou 'n bo een hê, jy het mos nie 'n *partner* nie? Maar as die nuwe span nou kom en ons het nou aflaai en so dan kan hulle altyd jou, jou eweknie, kan altyd daar saam met jou kom slaap.

**V:** O so dit was altyd die senior-weerkundige wat die senior-weerkundige huisves?

**JS:** Dis reg. Dan kan hulle nog bietjie gesels ensovoorts en dan het jy nou genoeg slaapplek.

**V:** Maar die boonste een moes seker vrek warm gekry het?

**JS:** Ek kan nou nie onthou waar het die hitte ingekom nie. Seker maar, maar die temperatuur was net lekker onthou hierdie ander ouens wat aankom, hulle moet nog gewoond raak, hulle moet nog akklimatiseer.

**V:** Toe julle daar aankom en die tweede span aflos, ek kan my voorstel, hulle was seker nog dan in Norway base?

**JS:** Ja.

**V:** So hoe het hulle gelyk na 'n jaar in 'n absolute vervalle basis?

**JS:** Hulle het vir ons nogal ook vervalle gelyk. Nou kan jy sien hulle klere lyk al bietjie anders, want hulle het daarmee gewerk en die goed het al bietjie gate in en so aan.

**V:** Maar dink jy, toe lyk julle bietjie vervalle vir die vierde span seker?

**JS:** Ja. Nou sê vir my het julle al van hierdie klere gesien wat die mense dra?

**V:** Ons het van die klere gesien in 1970, maar nie vroeër nie.

**JS:** Hoor hierso, ek het gehoor Roelien sê jy het nog een van daai Japannese oranje pakkies? Nou ek wil vir haar sê sy moet daai ding bêre, want jy weet.

**SW:** O maar myne is so vieslik vuil.

**JS:** Maar dis hoe hy moet lyk, want hulle gaan hom nie in die winkel sit en verkoop nie. Hy is gewerk daarmee.

**SW:** Hy is vol robbloed.

**V:** Werklik? Hoekom? Wat het gebeur met die robbloed?

**JS:** Hy het seker die honde gaan voer.

**SW:** Ek het die honde gevoer met robvleis.

**V:** Was daar een spesifieke persoon wat na die honde gekyk het?

**SW:** Dit was ek, ja.

**JS:** Daar is altyd iemand wat... en dis interessant as jy die honde gaan voer of net hulle gaan vryf, dan gaan jy altyd eers na die leier toe. Dan na die ander.

**V:** Was die leier ’n reuntjie of ’n tefie?

**JS:** Nou vra jy my nou.

**SW:** Was ’n reuntjie.

**JS:** Was ’n reuntjie, né? Want hulle moet respek vir hom hê want kyk hy is heel voor en die ander word so ingespan.

**SW:** Hy is ’n Groenland Husky.

**V:** Was hy ’n Groenland Husky gewees?

**SW:** Hy was nie dieselfde tipe Husky as die ander nie.

**V:** Was hy gebore op Antarktika of in Groenland nog?

**SW:** Ja ons het hom gebring van Groenland af. Ek was verlede jaar in Kanada. Toe het ek ’n vrou daarso in ’n park ontmoet wie se seun met Huskies boer toe vertel ek haar van my ondervindings met Huskies op Antarktika.

**V:** Ja?

**SW:** Toe vertel ek haar van die Groendland Husky wat so hoogs intelligent is, toe sê sy haar seun het... toe beaam sy dit. Sy sê daai Groenlander, dis amper soos of hy jou gedagtes kan lees.

**V:** Dis ’n pragtige hond. Is dit...

**JS:** Dit was Flap en ek was baie mal oor hierdie hond. Dit was in SANAE 3.

**V:** Was dit die leier?

**JS:** Nee, nee dit was een van die honde. Ek kan nie onthou... ek dink die leier was... maar jy weet nou moet ek altyd mooi dink. Ek dink die leier was so witterige hond, Jock, sy naam was Jock. Maar hierdie een was Flap en ek was mal oor hom, kyk hier jy sien. Ek het nou net onthou ek het hom gister daar ontdek in die kas. Onthou ek nou daar.

**V:** Wat is die Groenlander se naam gewees?

**SW:** Ek kan nie onthou nie.

**JS:** Ja, pasop – hier’s maar bietjie stof, ek het hom daar in die kas gekry.

**V:** Nee ek kyk net die foto self.

**JS:** Ja. Hy was daar buite geneem, hulle is elkeen aan ’n ketting vas dat hulle nie bymekaar kan kom nie.

**V:** Ja ek hoor die honde het nogal met mekaar baklei?

**JS:** *Jissie*, en weet jy hoe gemors is dit as hulle in daai tye is en hulle raak daar deurmekaar?

**V:** Werklik?

**JS:** Om hulle uitmekaar uit te kry.

**V:** Kyk hierdie sneeu wat sommer hier aan hom vasplak ook.

**SW:** Nou het die een sy eie poot beet en hy maal hom en hoe seerder hy kry, hoe harder byt hy die ander. (lag)

**V:** Dit moet nogal moeilik wees vir die een ou wat bestuur wat nou hierdie honde moet...

**JS:** Hoor hierso... En iets interessants. As jy van die berge af kom, dan moet jy sorg dat jy daar by daai slee is. Hierdie honde hulle kan ver die ander honde se geblaf hoor en hulle kan die basis sien en daarna kan jy maar instruksies skree vir hulle, hy vat pad basis toe en hy laat waai. As jy nie daar vas agter daai slee is nie, dan gaan jy loop.

**V:** Maar hulle gaan darem dan nie oor die ys skeure nie?

**JS:** Nee, nee. Dis net as jy naby is en hulle terugkom van die berge af en hulle sien die basis.

**V:** Nou kon die honde teen SANAE 3 en SANAE 6 nou al bietjie Afrikaans praat?

**SW:** Amper ja. Ja, *mind you* het ons honde saamgevat of het die Noorweegse dit oorgeneem? Nee ek kan nie onthou nie, sal moet weer vir Marten weer vra.

**V:** Ja ek dink links van die regs was iets soos Harl en Minx.

**SW:** Ja en al sulke goed.

**V:** Nee die honde klink besonders. Het julle werpsels gehad in die tyd op SANAE 6?

**SW:** Het ons gehad?

**JS:** Ons het op SANAE 3 een gehad.

**V:** Op SANAE 3 ’n werpsel gehad?

**SW:** Nee.

**V:** Nie op VI nie?

**SW:** Nee.

**JS:** En ek het enetjie gekoop en met die skip laat terugkom. Nou kyk...

**V:** Hoe het die hond gehou tot Kaapstad?

**JS:** Daai hond het nou moleste veroorsaak hier in hierdie Pretoria. Hier naby. Toe het ek al my vrou geken, ons was nog net nie getroud nie. Ek sê vir jou hierdie hond kom daar aan en hulle weet nie wat moet hulle met hierdie ding maak nie en het hy nou moleste gemaak. Hulle het hom naderhand weggegee want hy het iemand se hoenders gaan vang en hy het... En hulle het hom vir iemand present weggegee, anderkant Pretoria en daai hond, ek weet nie hoeveel dae nie, maar hy het na daai huis toe teruggeloop. Ek weet nie hoe hy daar gekom nie, maar hy het teruggeloop. Wys jou ook want ek was baie hartseer daaroor.

**V:** Watter soort karakter het Flap gehad? Was hy ’n baie vriendelike hond?

**JS:** Baie. Man, hy was net ’n mooi hond en ’n vriendelike hond en ek het hom ge-*like*.

**V:** Nee maar ek sien so. Veral hierdie ys op sy boud.

**JS:** Ja en kyk daai gesiggie, jy kan mos sien.

**SW:** ’n Hond merk sy gebied af deur dit te water, en ek sal nooit vergeet nie, toe die aflosspan aankom by ons, staan ek by my een Husky en die eerste ding wat hy doen is hy lig sy been en hy water my papnat om vir almal nou te wys ek hoort aan hom.

**JS:** Maar dis altyd lekker om na hulle toe te stap.

**V:** Was hulle soos groot maats gewees van ’n mens as jy na hulle gegaan het?

**JS:** Maar weet jy hulle gaan tekere as jy daar aankom, maar jy moet die reëls hou.

**V:** En eerste die leier groet. En die werpsel om SANAE 2? Was dit ’n groot aankoms, het julle geweet een van die honde het verwag?

**JS:** O dit was ’n groot storie daai en ek dink... hoe het dit nou gebeur dat ek hom met die skip saam terug gestuur het? Die werpsel was dalk net voor ons daar aangekom het of wat ook al. Maar ek kan onthou daar in die sleë kamer, waar al die harnasse en allerhande goed nou gebêre is, het van hierdie klein hondjies, hulle het ook van hierdie bandages verbande... het een van die goed gevreet. Nou kyk, nou moet ek jou vertel. Ek moet sommer vertel soos dit gewees het. Sien nou hardloop hierdie ding en dan begin daar so as hy nou van hierdie goed ontslae raak, begin jy nou by stukke verband uitkom.

Een moes ’n operasie ondergaan wat spykers geëet het.

**V:** Agge nee!

**JS:** Dit… en toe sê ons nee julle moet dan alles nou baie mooi toe hou. Ja van spykers en ek kan nie onthou of hy nou dood is daaraan of wat nie. En hierdie enetjie wat ek nou gekoop het, dink ek was ’n teef en ek het hom die naam gegee van Venus. Nou Venus het weer moleste hier veroorsaak.

**V:** So hulle is nie maklike klein hondjies nie, hulle het baie energie?

**JS:** Ja hulle het baie energie. Jy kan sien hulle is spesiaal ook vir my en jy sit hom nie daar onder in die sneeugang nie, hulle moet hier buite wees. Weet jy, die sneeu waai hulle so toe en hulle lê so dat hy sy neus altyd so êrens lug kry en dis te wonderlik.

**V:** En mens het seker beter sneeu mense gekry wat beter met die honde kon werk op die sleë?

**JS:** Kyk jou geoloog en die landmeters – daai ouens, hulle het meer met die honde gewerk.

**V:** En op SANAE 6? Hoe is dit om ’n honde slee te bestuur? Dis seker nie iets wat jy in Suid-Afrika kan oefen nie?

**SW:** Nee.

**V:** Nou wie het julle geleer?

**SW:** Die vorige jaar se ouens. Ou Zec Ezecowitz was maar eintlik die kenner gewees in ons jaar. Hy het regtig baie gehelp met die honde ook, met die versorging van hulle.

**V:** En was mens soms met die trekkers ook binneland toe?

**JS:** Ja. Nou wil ek vir julle ’n storie vertel. Dit was in ons jaar.

**V:** In SANAE 6?

**SW:** Ou Zec en Wolfgang[Pollack].

**JS:** Nou kom Zec en Wolfgang, een is nou, Zec is nou saam met Wolfgang.

**V:** Wie is Wolfgang?

**JS:** Wolfgang was die landmeter, né?

**SW:** Nee hy was die geoloog.

**JS:** Geoloog, geoloog.

**SW:** Wolfgang Pollack.

**JS:** Nou hy kom, hy was ’n Noorweër dink ek, ek is nie seker nie.

**SW:** Oostenryker.

**JS:** Of ’n Oostenryker, hulle ken mos die sneeu. Nou as jy veld toe gaan, berge toe, dan gaan die geoloog nou mos monsters neem en sulke goed. Nou kan jy vir jouself dink, jy het die vasteland en dan het jy nou hierdie sneeubank hier om hom. Nou daai gemiddelde dikte van daai sneeubank dink ek (as ek reg onthou) is twee en ’n half kilometer.

**V:** Sjoe.

**JS:** Ons basis is op so ding, né? Maar ’n mens sal nou nie dink dat daai verskriklike massa van kilometers ver kan beweging hê nie, né? En die beweging met die vasteland, die veroorsaak hierdie sogenaamde *crevasses*. Nou kyk, my eerste ontmoeting met ’n *crevasse*, kyk ek het nou gesien daar is ’n gat. Ek het soontoe saggies geloop en daar af gekyk. Nou ek weet nie of jy al... as jy in die goed in kyk, is hierdie fantastiese blou en al die skaduweetjies en dan tot hy donker word onder. Maar toe ek so terugkyk waarop lê ek, toe word ek gewigloos en val agteruit. Ek sal nie weer sommer so gaan kyk nie. Maar jy sien daai diepte, jy sien hier waarop lê jy, nou as jy ’n skeur kry, ek noem dit maar dan is dit dan nou ‘n redelike breë een. Nou as jy kyk op die oppervlakte van die sneeu dan lyk dit altyd soos *corrugations*.

**V:** Soos sinkplaatpad?

**JS:** Ons het dit genoem skistrokie, as die wind so waai dan hardloop hierdie sneeu so tussen hulle deur, net soos slangetjies. Nou wat nou gebeur is, die wind waai nou so oor hierdie ding. Dan kom hierdie sneeu so op, dan maak hy naderhand hierdie skeur toe. Dan waai hy weer so... En partykeer as hy so duik, dan na daai ondervinding kon ek nou, as ek doer kyk dan sê ek daar is ’n skeur, ek wil nie daar naby wees nie. Nou gaan ons berge toe en ek gaan saam, want ek moet sorg dat hierdie ouens weer lewendig terug kom.

**V:** Dis nou by SANAE 6 as leier?

**JS:** Ja. En nou is die Dr Pollack voor in die Muskeg en Boetie John[Strydom]. Nou waar ons oor gaan is by Dassiekop, ons het dit "Dassiekop" genoem. Daar was so paar klippe op ensovoorts, maar dis net so koppie kan jy sê, maar om daar weer langs verby te kom moet jy oor hierdie skeure, sneeuskeure. Nou kyk...

**SW:** Dis tussen Dassiekop en Marsteinen.

**JS:** ...Nou kom ons nog van die basis af, né? En naderhand toe stop daai trekker, nou die trekker en dan het jy na hom het jy ’n kos... Nee, nee en dan het jy diesolien en brandstof. Ons het diesolien altyd saamgevat berge toe en brandstof. Of was dit net brandstof? Want die Muskegs was daai tyd net brandstof.

**SW:** Julle het diesolien gevat want julle wou sub-stasie bou.

**JS:** Substasie bou, jy sien vir later, want hoe dieper jy in gaan moet jy sub-stasies hê vir die volgende... en kosvoorrade.

**V:** Wou julle so half ’n *depot* maak?

**JS:** So *depot*, né? En dan heel agter het ons, nou ons kos en ander lewensmiddele en goed op. Ons het ook so groot koskas gebou waar ons nou vinnig as dit nou storm is, uit die, daar in die *caboose* heel agter by ons slaapkwartiere. Daar kon vier in slaap en dan was daar ’n plekkie waar ons nou met die Primus stoof nou vir ons kan kos maak. Dan het ons net een gaatjie daar gehad. As daar verskriklike storms is, maar dan kan ons hom nou gebruik, as jy verstaan. Ek het darem ’n lelike storie met dit gehad, toe ons nog in storm was. Maar in elk geval, toe ons nou, nou stop daai hele trein en hier kom daai *diesel mechanic*, boetie John na my toe en hy sê vir my - op daai stadium was ek agter in die *caboose* - sê hy vir my hy ry nie ’n tree vorentoe nie. Hierdie Dr Pollack gaan hom verongeluk. Onthou hy was al die vorige jaar, op ’n vorige jaar dink ek, of hy het al êrens in die berge ingery met iets.

**V:** Pollack nou of boetie John?

**JS:** Boetie John, hy het al bietjie iets van die goed geweet. Maar in elk geval, ek sê toe vir hom nee okay, hy vertel vir my toe sommer waaroor, toe sê ek, ek sal die trekker gaan bestuur. Maar ek was baie rustig daai tye ensovoorts, nou moet ’n mens... onthou jy is leier, dis ’n moeilike storie. Nou het ek vorentoe gegaan en ek het so vorentoe gekyk en ek sien daar is so bultetjie met ’n holte. Sê ek vir hierdie Dr Pollack "Vat jou sneeu pikkie dan gaan steek jy hom net daar in en kyk vir my wat gaan daar aan, voor ons verder ry", en hy steek daai pikkie en daar val daai storie daar in en hy sien wat gaan daar aan. Nou ja.

**V:** Toe het hy nou nie verder wou ry nie?

**JS:** Toe wil hy nie verder sê ons gaan hierlangs nie of wat nie, hy sê en doen nou net wat ek sê. Ek het daar gestop, agteruit gery, die *caboose* agter gehak om ons daar uit te trek en weer om gery na die ander pad toe wat ons nader aan Dassieskop gevat het. Ons het so kaartjie gehad wat ons kon volg jy weet, maar... Nou ja, nou is ek nou voor in die *caboose* en hierdie ouens het heel agter, is daar nog die sleë met die hondeslee met die honde ook. Nou sê ek vir hulle “Okay ons gaan nou hier deur, niemand hoef saam met my in die trekker te ry nie”, maar hier binne-in my is maar ’n vresie. Ek ken nie van hierdie skeure nie, jy weet nie wat gaan jy doen nie. Nou sê ek vir hulle: “Julle ry nou met die hondeslee, Zec het nou al kennis” nee dit was nie Zec nie... was Zec toe saam? Ja dit was Zec.

**SW:** Zec was saam, ja.
**JS:** Zec en ek en Boetie John en Pollack. Hy ken mos nou die honde.
**SW:** Smittie was ook saam met julle.
**JS:** Was hy saam? Was ons vyf?
**SW:** Onthou jy hy het nog die boodskap gestuur met die radio toe hulle in die sneeu...
**JS:** Nee man ons was net vier gewees. Net vier.
**SW:** Ek het nog 'n foto daar waar Smittie met daai Telefunken radio...
**JS:** Kan wees, ek kan nie meer onthou nie, ek sal weer bietjie moet gaan opkyk, maar kom ons sê ons was vyf. Maar dan weet ek nie waar die vyfde ou geslaap het nie, maar hy kon 'n slaapsak gevat het of enigiets. Maar in elk geval nou ry ons daar deur, nou sê ek hulle moet met die hondeslee ry, want die goed het nie sulke... hulle kan makliker oor die skeure gaan en dan soek hulle vir my die nouste skeure waar ek moet oorry. Ek kan nie vir jou vertel wat het als in my omgegaan nie. Toe wil hulle nie. Dis nou die Zec Ezecowitz en... dis nie stories wat jy moet gaan skryf nie, maar ek vertel jou daarvan. Ek weet nie, as jy dit skryf is dit seker maar oraait, want dit is die waarheid. Toe sê ek vir Boetie John hy moet iemand saam met hom vat, dalk was dit Smittie, ek weet nie en hulle moet dan maar voor loop en vir my die nouste plekke soek waar ek kan oorry.
**SW:** Ek is saam met BJ verder.
**JS:** Nee man, ons was net vier. Ek praat nou...
**SW:** Ek het gehelp...
**JS:** Ja maar onthou, was jy daar? Onthou ons het die Tellurometer-ekspedisie gehad en ons het die berge-ekspedisie gedoen.
**SW:** Ja ek het die trek meting gedoen met die Tellurometers en van Dassiekop af is ek saam met julle deur Marsteinen toe.
**JS:** Maar dan moet dit jy wees en Pollack en nie Zec nie? Want ons was nie ses nie.
**SW:** Nee ek was nooit saam met Zec daar nie.
**JS:** Maar in elk geval, ons was net vier, ons moet net nou besluit watter vier. Maar in elk geval.
**V:** Maar een van julle moes nou vooruit gekyk het?
**JS:** Hulle moet vooruit loop en ek was in die trekker. Ek sal vir jou sê... en toe tref ek 'n skeur en ek val in hom in, maar dank Vader hy het net so ingesak maar van die sleë het afgesak. Nou kyk, ek het my uit my genade uit geskrik.
**V:** Ek kan dink.
**JS:** Toe moes ons nou... Gelukkig kon ons nog die radio gebruik.
**SW:** Dis toe wat Smittie die radioboodskap gestuur het.
**JS:** En toe het Smittie en Willy gekom, om ons te kom help. Hulle twee het toe gekom.
**SW:** Ja.
**JS:** Om ons te kom uittrek met 'n ander Muskeg. Nou ek sal vir jou sê dit was vir my baie benoud, maar toe ons daardeur gery het ook. Kyk my maag het sommer so gegrom, so binne-in want jy weet nie wat tref jy nie, dit is die onbekende.
**SW:** Onthou jy vir Frank McCall?
**JS:** Ja?
**SW:** Die ou van Openbare Werke.
**JS:** Ja?
**SW:** Na Bouvet eiland was hy saam met ons, en ons land daar met die helikopter en ek kyk so, kyk as jy skeure gesien het al dan ken jy mos al die vorms, so vlakholte. En ek sien hierdie ding, en ek sê vir die ouens, want hier is nou 'n klomp slim ouens om my, onder andere een van my lektore ou Sakkies van der Walt. Almal loop daar rond. Ek sê julle moet oppas, daar's 'n skeur en hy loop so, hulle maak hom oop en hulle sê nee hy loop nie so nie, hy loop so. Nou die manne is mos slim en waar ek reken die skeur loop, daar stap ek sommer oor en ek val deur. Maar die... kyk soos Sewes beduie het, vorm so

skeur so Romeinse boog. Vorm so lip, maar ek vang daai lip so met my arms en ek kyk so af, maar dit word so blou hier onder my.

**V:** En seker swart in die gemoed?

**SW:** Ja en hier kom hierdie Frank McCall aangehardloop met ’n paal en hy sê “*Don't worry, I'll help you*”. Daai ding is nie sterk genoeg om die twee van ons te dra nie en toe ek Frank McCall kyk, toe ek sien hy gaan op hierdie lip trap toe gee ek net een druk – hulle sê ek is soos ’n sjampanje prop daar uit die skeur. (lag)

**V:** Dit was nou op Bouvet gewees?

**SW:** Op Bouvet, ja.

**V:** Ja, later, dit was na SANAE?

**SW:** Ja.

**V:** Ek wonder nou die ervaring op SANAE met die ysskeure nou mens die ysskeure laat raaksien?

**SW:** Ja ek dink so.

**JS:** Man, ek kan vir jou verduidelik hoe ek dit onthou.

**V:** Ja?

**JS:** Dit lyk of hy so effense holte het en ek sal vir jou sê so het ek dit geleer op die harde manier.

**V:** En toe was julle in die binneland?

**JS:** Ja, toe gaan ons nou in. Maar ek het so blou boekie en ek hoop ek kry die ding nog.

**V:** Ja dit sal wonderlik wees.

**JS:** Dis ’n landmeetkunde boekie wat hy vir my gegee het. Want soos ons in die, na die berge toe in is, het iemand vir my gesê dis baie goed om so terugskouing te neem en die berge in te skiet wat hier by jou is en hy het my gewys hoe en ek het dit so opgeteken. As jy die dag terug kom dan lyk die wêreld nie meer dieselfde nie, onthou daar is nie paaie nie. Ek kan onthou, die een berg se naam kan ek goed onthou, al die berge het ek nou vergeet, was Schumacher [Vellet]. Nou Schumacher [Vellet] is eintlik ’n skoenmakerlees, hy het so gelyk. Ek het die ander name nou vergeet.

**SW:** Daar was Piramiden was daarso.

**JS:** Piyramiden was waarheen ons op pad was.

**SW:** En Borgmasivet.

**JS:** En sulke goed.

**V:** So alles Duitse-Noorweegse name?

**JS:** Ja, sulke name.

**SW:** Weet jy, daar is ’n geskiedenis daaragter maar ek is nie seker nie, ek wonder of julle dit nie sal optel met julle navorsing nie. Hier in die '47's, net na die Tweede Wêreld Oorlog, was daar ’n Brits-Sweedse Antarktiese ekspedisie.

**JS:** Dis reg.

**SW:** Hulle het nog Penguin-basis geskep. Nou daardie arme ouens het ’n vreeslike ongeluk gehad. Hulle het met een van hierdie landingsbote wat die geallieerdes gebruik het by Normandye, het hulle gery en dit was ’n *white-out* en hulle kon nie die ys kranse sien nie en hulle is daar oor in die see in.

**JS:** Dis hoekom as jy witsig kry, dan stop jy net daar en jy wag.

**SW:** Nou die een ou was ’n Olimpiese swemmer en hy het reggekry om te swem en aan ’n ysrots vas te klou en die ysstroom was besig om hulle onder die ysbank in te sleep en een na die ander, soos hulle moeg geword het, het hulle mekaar gegroet en dan is die ouens weg daar onder die ys in. Ek het so idee Marsteinen en dit is name van daai ouens.

**JS:** Nou maar Marsteinen, reg onder aan sy voet, daar was so ’n *depot* gewees wat ek dink die Noorweërs daar gesit het. Ons het hom aangevul. En ons het nog daar gekyk wat is daar. Weet jy, sulke *buns* gekry en as jy hom ontdooi is hy nog bruikbaar. Ons het nou

weer nuwe voedselvoorrade en brandstof daar gelos. Ek dink dit was in Marsteinen gewees. Ek kan onthou dat ons probeer het aan die skadukant, êrens ’n skadukant te soek van die berg. Nou dit was die tyd van die jaar waar, jy weet ons het omtrent 24 uur son. Jy het net so klein stukkie wat amper aand is. Jy kan so in die *caboose* lê en boeklees as die son daar deur die venster skyn.

**SW:** Maar die Olimpiese swemmer het gelukkig dik wolklere aangehad en dit het sy liggaam geïsoleer.

**V:** O, so het hy oorleef?

**SW:** Hy was die enigste oorlewende van daai hele span gewees.

**V:** Sjoe.

**JS:** Maar om die storie te vertel.

**SW:** Dit kom ook uit ’n ou Reader's Digest uit.

**JS:** Nou ek wil net nog so bietjie met daai terugtog gaan, watse hulp daai boekie my gegee het. Nou ry ons terug jy weet... nou ek sien ons ry darem nou te naby aan hierdie berge. Ek stop die lot en ek sê hierso, “Ons moet omtrent doer verbygegaan het, volgens my lesings, ons moet dié kant toe gaan, ons moet nie so gaan nie”, want ek kan onthou as jy van die, op die berge isof naby die berge is, dan is dit asof die hitte van die berge reg rondom hierdie goed so kuil vorm. Omdat dit is harde ys, so as dit smelt, né? Dis hoe een van die ouens ook wat julle seker... ek by een van hierdie ekspedisies, ek weet nie of dit by ons s'n was nie, wat so teen die berg afgegaan het en hy het so sy greep verloor en daar af gegly en hom te pletter teen die rotse. Dood.

**V:** Is dit nie dalk SANAE 10 gewees nie?

**JS:** Dit is so iets. Êrens een van hulle.

**V:** In George. Wat was sy naam? J.R. se...

**SW:** Was dit nie een van Wilfred Hodgson se manne nie?

**JS:** Ja. Nee, ek weet net daarvan.

**V:** Daar is al ’n paar mense oorlede.

**JS:** Dis reg, omdat hulle nie luister nie. Daar is baie gevaarreëls wat ’n ou nie net daai ekstra dingetjie moet oortree nie. Nou weet ek daar is sulke goed hier en ons ry terug, dank Vader ons het dit toe gedoen. Want toe vind ons uit net hier anderkant, nie ver, seker ’n kilometer of twee van waar ons was, is so ’n hengse afgrond. Nou kan jy jou indink as hierdie trekker hier af gaan, al hierdie ander goed is aan toue vas, hoe gaan hulle hier by die trekker verby, dis hoekom ek my aan hom gesleep het. So daai boekie het my daar gehelp dat ons na die regte pad toe gaan.

**V:** So klink my mens leer maar baie op so ekspedisie van mekaar?

**JS:** Nee jy leer dinge, jy leer verskriklik baie en laat ek jou vertel... Ons het insidente gehad wat ek nie sommer oor wil gesels nie, maar dan het jy mense wat jou bystaan en jou ondersteun in moeilike tye, want daar’s altyd ’n paar halsstarriges wat dinge... Kyk ek het ’n paar probleme gehad, maar dit het gegaan oor reëls. Reëls né? ’n Ou moet reëls hê en jy moet by reëls hou. Hy weet waarvan ek praat.

**SW:** Dis hoekom party van daai toetse gedoen was, dat ’n mens niemand stuur wat die leier se leierskap sou uitdaag nie. Want die leier het geen dwang sanksie nie. Wat doen hy met ’n ou? Skiet hom? Gooi hom in die tronk?

**JS:** En jy sit ver.

**V:** Jy sit ver, ja.

**SW:** Hy het absoluut niks wat hy kan doen nie.

**JS:** So jy moet dit baie diplomaties benader.

**SW:** Behalwe om die situasie met sy persoonlikheid te beheer.

**V:** En is almal op dieselfde plek, so jy kan nie een net loop nie.

**JS:** Nee maar ek het ’n paar goeie ondersteuners gehad, waarvan hy een was en ek het deur my moeilike tye gekom. Ja.

**V:** Is dit maar wat ’n leier se grootste uitdaging is?

**JS:** Dis jou dinge en jy moet onthou, jy moet nie vyande maak nie. Jy moet almal op dieselfde manier hanteer. So die mense kon onderlangs sê, nee maar kyk dit en dit was reg so, of wat ook al, of waaroor hulle ook al gesels het, ek weet nie. Ek het gestaan by die reëls.

**V:** Watter reëls was die belangrikste?

**JS:** Ek gaan vir jou vertel. Ek gaan nie name of niks noem nie, wat my afgruwelik gepla het. Ek weet nie of ek dit moet noem nie, maar ek kan dit noem, julle hoef dit nie op te teken nie. Dat by hierdie ekspedisie wat ons oorgeneem het, het hulle elkeen ’n blik in die slaapkamers gehad.

**V:** Sodat hulle nou nie in die nag hoef uit te gaan nie?

**SW:** Ja. Nou dit is absoluut slegtigheid want daar was ’n plek in die leef kwartiere waar jy dit kan gaan doen, né? Ek het daai reël summier daar gestop. Dis net nie aanvaarbaar nie. Dis onhigiënies. Dit het ’n paar dinge veroorsaak, en party mense het darem later teruggekom na jare en gesê dat ek darem iets beteken het vir hulle. Maar julle sal sulke mense self daar kom, maar dis nie die persoon wat is belangrik nie, net hy is belangrik.

**JS** Ou Frank McCall het my eendag ’n interessante ding vertel, Sewes. Kyk hy was op al hierdie ekspedisies om basisse te bou en hulle in stand te hou. Hy sê eendag hulle kom by Marion eiland aan en daar by die eiland sien hulle hier kom ’n ou met ’n roeiboot aan. Maar die ou roei dat die skuim so staan en die ou is aan boord skip en die ou begin praat, maar hy kry nie end aan praat nie. Toe het sy ekspedisie besluit om hom vir ’n jaar lank te ignoreer. Jy kan dink wat dit aan daai arme man gedoen het.

**SW:** Nou maar jy weet wat kan dit veroorsaak, né? Want mens moet vrede, liefde en aanvaarding hê, is dit nie so nie?

**V:** Veral in so geïsoleerde omgewing.

**JS:** *Yesterday* ja dis verskriklik belangrik. Maar nou ja, en dan het ek geglo, Sondae het ons so bietjie godsdiens ook gehad.

**V:** Hoe het dit gegaan met die Jood met die godsdiens?

**JS:** Hy was daar, maar daar was een ou wat ek ’n Bybel voor gegee het. Het ek nie vir elke ou ’n Bybel gegee nie? Kan nie onthou nie.

**SW:** Jy het nie vir my een gegee nie.

**JS:** Ek het gehoop jy het een. (lag) Maar ek gee vir hierdie Dr Pollack een - dis ook nou nie stories nie, dis maar net so tussen ons - toe kom hy na my toe terug toe vra ek vir hom of hy bietjie gelees het, die Bybel, toe sê hy ja dis nogal interessante stories. Maar ek dink hy was 'n...

**SW:** Ek dink hy was eintlik maar ’n kommunis. Kyk Oostenryk was nog eintlik onder die kommunistiese regime en hulle het mos godsdiens onderdruk daarso.

**V:** Ja, dit was seker nog van hierdie wonde van die Tweede Wêreld Oorlog.

**JS:** Maar ek het geglo ons moet darem ’n stukkie lees en daaroor praat en darem ’n gebed doen.

**V:** Ek wonder net was die Jood ’n gelowige Jood gewees?

**JS:** Wel hulle het almal dit bygewoon, nê, dit was nie verpligtend nie.

**V:** Dit was dalk seker span...

**JS:** Want jy moet, dis deel van die span, né?

**SW:** Ou Wolfgang en die Jood gaan op ’n hondereis en toe hulle so wegtrek, toe sê ek vir die dokter langs my, ou Jan de Witt, ek sê vir ou Jannie: “Ou Sewes het nou ’n fout gemaak,

hy moes nie dat ’n Duitser en ’n Jood saam alleen gaan nie” (lag). Daardie Duitser en daai Jood het net ’n blokkie seep terug gebring. Later toe sê die dokter vir my “Jy was verkeerd, op die ou end het die Jood die Duitser gekook”. Ou Wolfgang tel toe vriesbrand op sy een toon op en die Ezekowitz het êrens gelees jy moet onmiddellik in kook water druk. Hy sê daai toon was gaar.

**V:** Het dit gehelp?

**JS:** Weet jy hoe seer is so ding as jy hom skielik ontdooi? Hierdie goed van jou en jou neus en goeters is altyd die eerste.

**V:** Was daar gevalle van vriesbrand gewees buiten...

**JS:** Ja, nee daar was. Daar was, ek kan nie meer onthou wie almal nie, maar as ’n ou dit beginne kry, dan wag jy nie te lank nie.

**SW:** Onthou jy hierdie [Kreuzick] pale wat ek as bakens gebruik het? Jong, dit was net so na die winter, toe wil ek die ding uittrek uit die ys uit en ek gaan met my kaal arm en ek steek my arm so oor en ek trek hom, weet jy hy het my gebrand asof ek aan ’n rooiwarm...

**JS:** Hy brand jou soos wat ’n vuurwarm yster jou brand dat jy ’n blaas het, hoor.

**V:** Eina. En dan wat?

**JS:** As jy aan die yster vat, dis asof jy vassit aan hom.

**V:** So daai vel raak ook dood, seker?

**JS:** Ja, dis ’n snaakse gevoel. Kyk baie keer as jy aan ys vat wat baie koud is, het jy al hom gevoel? As jy aan hom vat dan is dit asof hy wil vassit aan jou hand. Ja. Maar vertel hulle bietjie van jou Tellurometer stories, hoekom het jy die projek gehad en wat het daar gebeur ensovoorts?

**V:** Ja.

**SW:** Jong, ons het hier ’n Dr Wadley gehad by WNNR wat ’n metode ontdek het om afstand te meet met radiostrale en die ding het wêreldberoemd geword en hulle het dit die naam 'tellurometer' gegee. Maar hulle het ’n besondere model gebou.

**JS:** Hy is in Suid-Afrika ontwikkel, nè

**SW:** Ja. Hulle het ’n besondere model gebou, die MRA5 en die ding... van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie se weermagte wou die ding koop. Maar PLESI, die maatskappy wat dit gebou het, daar moes sekere toetse gedoen word om te voldoen aan NATO se spesifikasies. Onder andere *sub-zero* toetse en ek moes die ding gaan toets daar in Antarktika, want jy kan nie daardie *sub-zero* toestande hierso kry nie.

**V:** Ja hulle kon dit seker daai tyd nie skep nie.

**SW:** Ja. Toe het ek die goed saamgevat Antarktika toe.

**V:** Moet mens maar binneland toe gaan om dit te toets?

**JS:** Kyk ek weet nou nie… ja dis binnelands toe gegaan. Dit was ’n spesiale projek wat ons gehad het waar hy nou gaan en...

**SW:** Dit was daai keer toe ek hulle gehelp het om die skeure te soek.

**JS:** Ja.

**SW:** Ek het nog saam met BJ in ’n trekker gery.

**JS:** Ja, kyk julle het, maar ek was by weet ek kan onthou ek het jou êrens om ’n koppie afgeneem en daar het nog so boksie Lexington gelê naby jou.

**V:** Het julle almal op hierdie ekspedisies gerook nog?

**JS:** Ja, kyk ons het baie twak ook gekry om saam te vat.

**SW:** Sewes vertel my eendag, rook is ’n stadige gif, toe sê ek vir hom ek gee nie om nie, ek is nie haastig nie (lag).

**JS:** Nou kyk, hy... Ek wou nou iets gesê het, maar wat het julle gevind met daai metings wat jy geneem het? Het jy nie met dit geneem, en met ’n teodoliet nie? Ek kan nie onthou nie, maar jy moes tog êrens, want jy moes die ding toets.

**SW:** Ek moes die horisontale waarnemings doen met die teodoliet.

**V:** En wat was die uiteinde gewees?

**SW:** Wel die einde is bo-op Dassiekop, iemand moet daai meting nou herhaal en dan sal jy die absolute beweging van die ys hê.

**V:** O is dit die doel daarvan?

**JS:** Ja want dis ook dan jou vasknopingspunt by die vasteland en dan moet hierdie, ’n ou kan nou sê op die ysbank, en daardie relatiewe beweging wat jy daarso gaan kry.

**V:** Dit was hoekom julle berge toe gegaan het, dat julle van die ysbank af heeltemal na die borga...

**JS:** Ja.

**V:** Het julle ’n basis gehad of het julle in tente gebly?

**JS:** Nee kyk, hierso het jy, wat het julle tente gehad en *caboose*?

**SW:** Ons het net tente gehad.

**JS:** Maar wat wou ek nou sê, mens het eintlik die tellurometer getoets. Maar hoe was die toets resultate, waarmee kon mens dit vergelyk het?

**SW:** Onthou ons het twee tellurometers gehad die MRA2 en die MRA3.

**JS:** Dis reg, ja.

**V:** Hierdie die tellurometer, was die toetse toe suksesvol gewees?

**SW:** Ja dit was baie suksesvol. Eintlik vrek interessant. Kyk hulle maak, hulle werk op die beginsel van die berekeningsindeks van radiogolwe en daai berekeningsindeks is weer ’n faktor van jou lugdruk en temperatuur, en as jy naby die oppervlakte van die aarde kom, die kromming van die aarde, dan gaan jy deur baie digte lae en dan kan hy vir jou baie nonsens antwoorde gee. So vir enigsins goeie ver afstande, moes jy daai tellurometers hoog bo die grond hou. Daarvoor het ons stellasies op slees gebou.

**JS:** Ek sal nou-nou hierdie vertel, ek het aan ’n storietjie van jou gedink. Gaan aan daarso, ek het maar net gesit en *smile* toe ek aan iets gedink het.

**SW:** Nee ou Dries Steyn was agter, hy het die agterste stasies beman, onthou jy? En een keer toe kom ek by julle uit en toe is daar ’n storm aan die gang, aan die kom en ou Dries-hulle is nog nie by ons nie. Daar oorval ’n *white-out* ons en jy het toe een van hierdie seinpistole en dan skiet jy met die seinpistole om vir Dries te wys waarheen hulle moet ry en daar het ek ’n interessante ding gesien; nou die patrone van hierdie ding lyk soos ’n haelpatroon.

**JS:** Ja dis ’n groot haelpatroon.

**SW:** Hy het dieselfde rooi kleur as die trekker gehad.

**JS:** ’n Veri-pistool, né? Veri-pistool. So iets.

**SW:** Nou gooi ou Sewes die goed uit daar op die ys ek sê “Moenie bekommerd wees nie hier kom Dries-hulle aan, daar’s hulle, daar’s hulle trekker.” Toe is dit een van hierdie patrone.

**V:** Ag nee. So dit klink my dis ’n baie gedisoriënterende storie, so *white-out*?

**JS:** Kyk ek het in ’n *white-out* gestaan, wat ek gewag het, waar ek dit gesien het. Om jou die gevoel te beskrywe: so, so, so en so - als lyk dieselfde. Dis asof jy nie hiervan af tot by daai muur kan sien nie, so as jy ry weet jy nie waar ry jy heen nie.

**SW:** Dis dieselfde as om in ’n bottel melk te hang.

**JS:** Ja dit is omtrent so iets. Dit is 'n, dis nie ’n lekker gevoel nie. Op ’n tyd het ek met ’n vrag...

**SW:** ... daar’s geen horison nie, daar’s geen skaduwee nie.

**JS:** Niks. Nee geen onderskeid nie. As jy daar staan waar daai Webertjie is, dan kan ek jou nie sien nie, nader kom dan sien jy ’n skaduwee. Dis nie ’n lekker gevoel nie en dan is die reël jy staan morsdood stil al moet jy ’n dag en ’n half daar sit. Maar, wil jy nog iets oor jou tellurometers vertel het?

**SW:** Nee.

**V:** Maar dit was ’n geslaagde eksperiment?

**JS:** Ja dit was. Daai was ’n wonderlike uitvindsel vir Suid-Afrika ook gewees. Ek bedoel kyk net wat kan jy doen met ver afstande. Maar, die dingetjie waaraan ek gedink het... Kyk julle het seker gewonder hoe het ons water gekry en warm water gekry en hoe het ons gebad en wat van ons klere? Jy weet as jy nou ’n *skivvy* is, dan was jy ook jou wasgoed en ons het een van hierdie *easy spin dryer*-wasmasjiene gehad daai jare. Jy weet mos die een met die spin draaiertjie en die wasmasjien.

**V:** Nogal *fancy*.

**JS:** Nou hoe werk die storie nou, die kragkamer, ons het ’n vleklose staal ding gehad wat gebou is en al die uitlaatgasse-stelsels van die Deutsch-enjins is na hierdie ding toe gekanaliseer. Watter een jy ookal daar sou insit, hy maak daaistorie warm en dan het ons bo ’n luik gehad, bokant hierdie ding. Hy is ’n dubbel wandige ding gewees, né? So die *skivvy* se *job* is dan om skoon sneeu daar bo in te gooi, dan smelt hy dit en as dit nou water geword het hier onder dan het ons ’n motortjie gehad en dan pomp hy dit na die *geyser* toe en die *geyser* het dit nou warm gemaak daar was ’n bad. Dan kry jy ook ’n badbeurt en al sulke goed, né? Maar jy kan altyd as jy nou moet enige tyd bad, maar dan moet jy met die *skivvy* reël of hy jou gaan toelaat, want gewoonlik laat hy jou bietjie help sneeu grawe. Maar dan is dit ook elkeen se beurt om sy wasgoed te was. Nou Bokboer het die dag daar gekom en gewas, maar ek sien hierdie wasmasjien, hy maak hom... die ding staan stil maar die wasmasjien maak omtrent so soos wat hy hom oorlaai. Maar dit is als baie interessante goedjies.

**SW:** Wat ek in my lewe gesien het, ons dokter het kontaklense gehad, maar dis hierdie sagte plastiek kontak lense. Hy verloor sy een lens en ons het daai ding gesoek.

**V:** Mens kan hulle mos nie maklik sien nie?

**JS:** Nee.

**SW:** Nee die ding is deurskynend. Ons dag nou naderhand hy het hom in die sneeu smelter verloor, ons moet daarso soek. Weet jy waar kry ons hom? Onder sy pantoffel. Toe het hy hom vasgetrap.

**V:** Nee ek dra self kontak lense dis hoekom ek weet dit is ’n aaklige ding om te verloor. Nou wat het julle gedoen vir ontspanning dan as julle nou so hard gewerk het?

**JS:** Ontspanning? Ag, daar was geweldig baie boeke om te lees. Ag en in die aande het die ouens *games* gespeel in daardie kombuis-eetkamerstelsel of hulle het met mekaar gesels en sulke goed.

**V:** Watter *games* was daar gewees?

**JS:** Watter *games* het die ouens gespeel? Ek kan nie meer onthou nie. Kaart seker gespeel.

**SW:** Anchors. Onthou jy anchors?

**V:** Anchors? Wat is Anchors?

**JS:** Wat is dit? Is dit *dice* wat jy gegooi het?

**SW:** Jy het geskree 'akkers'.

**JS:** O ja, akkers.

**SW:** Ja.

**JS:** Iets met *dice* te doen?

**SW:** Dis so vloot-spel.

**JS:** Ja.

**V:** En het julle kontak gehad met ander basisse?

**SW:** Ja.

**JS:** Weet jy hulle het nogal met Halley Bay, dit was die Engelse basis en hulle het *once in a while* die Australiese basis wat was sy naam?

**V:** Mawson.

**JS:** Dis hy, Mawson.

**SW:** Ons het kontak met die Russe gehad, ons het nog skaak teen die Russe gespeel.

**V:** Teen die Russe? En wie het gewen, want die Russe is mos wêreld skaakspelers?

**SW:** Nee hulle het gewen. Dries Steyn was ’n baie goeie skaakspeler.

**V:** Nou was hulle bewus hier terug in Suid-Afrika julle speel so lekker skaak met die Russe?

**SW:** Dries help my met ’n opmeting en daar land ek en hy in ’n sneeu storm wat ons toe ’n paar weke vaskeer. Ons kos en brandstof begin al op raak. Nou het ek so hele paar boeke saamgebring om te lees. Nou lê hierdie Dries, hy is ’n groot ou en die slaapsakke is maar knap en hy lê op hierdie elmboog dan rook hy ’n sigaret en dan draai hy op daai elmboog dan rook hy ’n sigaret. Naderhand sê hy vir my hier’s niemand om mee te gesels nie en ek sê vir hom “Dê, Dries, lees ’n boek” en hy sê “Man, ek lees nie gemors nie”. Nou voel ek hoe die woede hier opstoot in my en na ’n ruk haal daai Dries so ’n reisigers skaakstelletjie uit. “Ou John, is jy nie lus vir ’n potjie skaak nie?” en ek sê “Nee, ek speel nie gemors nie”. (lag) Maar toe kom daar ’n gedagte by my op, die ou is baie groter as ek en ons kos is min. Hy kan my maklik opvreet.

**JS:** Ek sit nou en dink veral as jy van Dries praat, dis ook maar weer so stukkie, dis so stukkies wat by mens opkom. Jy weet, hy het netnou gepraat van hierdie slaapkwartiere en die vensters wat ons gehad het, as jy dit oopmaak, die hitte van die plek – dis asof jy so in ’n *dome* leef. En daai is als gesmelt, was gesmelt en dan ys geword en dan leef jy so in ’n… en daar by hierdie venstertjies uit, soos in die kombuis, dan lyk dit soos klein yskassies wat ons daar het, hierdie Dries, ons maak toe *jam*-tertjies en hy weet toe hoe. Ek het hom gehelp. Jy gebruik hierdie venstertjie om hierdie deeg, ek weet nie wat mee te doen nie, maar dit is deel van die resep. Maar dit het wonderlike jam tertjies gebak.

**SW:** Ek onthou.

**JS:** Ja en hulle het so mooi uitgekom.

**SW:** Sulke Hertzoggies.

**JS:** Ja, sulke goeters.

**V:** Ag lekker.

**JS:** Ons het enige ding daar probeer. Nou het ek maar net daaraan gedink, maar wat vir my die mooiste was wat ek ook vir julle wil vertel. Daai sneeugang het nou baie elektriese drade gehad wat van die een na die ander ding geloop het en toe ons nou so winter gekry het toe het nou in hierdie gang, het om daai drade sulke kristalle gevorm. Dan lyk hy so dik wol ding en as hy daai ding nou so stukkie velt, dan moet jy ook vinnig kyk. Weet jy dis die mooiste goed, dit lyk soos so klomp sterretjies bymekaar, dis te mooi.

**V:** Kan jy regtig die kristalle sien?

**JS:** Ja, dan kan jy sien, maar ek bedoel jy kan hom nie in jou hande sommer net so... ensovoorts en dan buite aan die maste het die goed ook so gehang dan lyk dit te mooi. Ek wonder of ek nog foto's daarvan het. Sulke goedjies wat ek nou maar net onthou.

**V:** So julle het maar speletjies gespeel en...

**JS:** Nee hulle het speletjies gespeel en hulle het maar gelees en ek weet daar was allerhande goeters om te doen. Ek kan nie onthou watse speletjies meer nie.

**SW:** Flieks gekyk.

**JS:** En flieks gekyk.

**V:** Hoeveel kontak het julle gehad met Marion eiland?

**JS:** O nee, maar hulle, ek weet nie, vir een of ander rede het ons nie kontak met hulle of Gough of die plekke gehad nie.

**SW:** Nee.

**V:** Dit was maar die Russe en die Australiërs?

**JS:** Ja, seker maar, die ontvangs was maar nie lekker gewees nie, in ons dae nie. Kyk tegnologie het darem nou so gevorder dat hulle baie beter ontvangs het en sulke goed. Kyk ons het maar primitief geleef nog in daai tye.

**V:** In daai tye het... tot hoe ’n mate kon julle, julle voorstel dat daar eendag mans en vrouens saam in die basis wees?

**JS:** Ja kyk toe ek nou hoor, ek het nou laas met enetjie gesels en sy so opgewonde, sy het dit so geniet na die plek. Wat was haar naam? Ek het êrens gesien, kom ons sê sy was in die vorige jaar – ek weet nie watter jaar was sy nie – ek het nou haar naam vergeet, sy het Engels gepraat. Baie interessant, ek het lekker met haar gesels.

**SW:** Maar ek het nooit gedink hulle sal ooit vrouens en mans saam ’n die basis laat bly nie.

**JS:** Tamara... Dit kan dalk wees, hoeveelste een is dit?

**V:** 46.

**JS:** Is dit al by 46?

**SW:** Ek het net nie gedink dit sou werk nie.

**JS:** Nee man dan is ons mos wragtig mossels? Ons kinders sê mos ons is mossels. Ons is seker oud en toe.

**V:** Nee, hoekom ek, ek vra maar net of julle ooit terwyl julle daar was, ek bedoel, mis mens maar die vrouens by tye en die nooiens?

**JS:** Ag jy, soms dink jy aan hulle en jy verlang maar na hulle, maar jy het ook hierdie dieper besef jy kan niks daaraan doen nie. Dan, jy weet, soos ou Marten, kyk hy het ’n wonderlike persoonlikheid en ’n sorgsame geaardheid, né? Altyd het hy Sondae die vroumense nou genooi daar na hom toe, want hy was ’n kranige... hoe noem jy dit?

**V:** Radio-amateur?

**JS:** Ja, Radio-amateur en dan het hy met die Antarktiese mense kontak gemaak. Hy kan jou nou meer vertel, maar nou moet jy onthou, jy is nou so jonk. Kom ons sê jy is nou verlief en jou outjie was nou daar, wat sê jy nou vir hom? Daar voor almal? En daar anderkant luister hulle almal na hom dalk, of hulle het jou daar gelos, maar jy moet die ou hê wat jou kan help om kontak te bou. Dis moeilik, né? Sekere dinge. Dan het ’n ou belanggestel, jy sien hoe lyk die nuwe model van daai karre en sulke goed. Jy wil weet hoe gaan dit met haar, hoe gaan dit met die familie en al sulke dinge – die ander wil weet van hulle kindertjies en al sulke goed, né?

**SW:** Ek het gedink dit sou ’n konflik situasie uitlok, as mans en vrouens altwee daar is.

**JS:** Nee dit sal nie goed wees nie. Ek kon in my stoutste verwagtinge nie dink dat ’n vroumense soontoe sal gaan nie, jy weet, en tog...

**SW:** Ek het byvoorbeeld nie gedink swartmense sou soontoe gaan nie.

**JS:** Is daar nou al swartes?

**V:** Ja.

**SW:** Ja.

**V:** Daar was al swart leiers gewees.

**JS:** Is dit?

**V:** Ja, hulle...

**JS:** Ek sal graag met hulle wil gesels. Ek het ’n Indiër dokter ontmoet laas en ek het hom baie interessant gevind, lank met my gesels.

**V:** Daar was 'n... veral medies, was daar ’n paar Indiër-dokters.

**JS:** Ja, Daai Indiër dokter het onder Charles Lautenbach gestudeer. Ou Charles is nou al professor, né?

**V:** Nee op Marion was daar al ’n swart leier gewees.

**SW:** Ek het ook met hom gesels.

**JS:** Ja jy het ook met hom gesels.

**SW:** Ja.

**V:** Daar was ’n Indiër, Dr. Farouk.

**JS:** Hierdie outjie het onder Charles Lautenbach geswot, so hy het baie agting vir hom gehad en hy het juis saam met hom dinee toe gekom. Nou kyk... *Yesterday* ek moet hier ’n aantekening maak, julle moet dinee toe kom, julle moet regtig.

**V:** Ons sal definitief.

**JS:** Ja julle moet. Dit was ’n gedagte van my en ek het nou al ’n *e-mail* na Danie toe gestuur en ek het gedink hy is leier en gesê hy moet asseblief hierdie reëling maak.

**V:** Nee ons het pas nou die lêer gelees, so ons sal vir hom ook vra.

**JS:** Van die...

**V:** Van die *club*?

**JS:** Van die *club* ja. Skryf asseblief sy goed hier vir my neer dat ek hom kan oortuig. Hulle moet dit net doen. Anderste bring ek julle saam, want ek gaan kom, dit sê ek julle nou.

**SW:** Ek was baie lief om laat te slaap en kyk, dit was Sewes se steen-des-aanstoots en hy sê een oggend vir Danie: *"Danie, you must remember the early bird catches the worm*", toe sê Danie vir hom ja, maar hy beskou die ding uit die oogpunt van die wurm.

**V:** Noudat jy dit noem, die slaaproetines van die mense, hoe raak dit in die winter? As alles so donker is?

**JS:** Wel, jy weet dis verskillend. Kyk daar is party ouens wat jy omtrent moet gaan wakker maak die volgende dag en die ander gaan slaap weer laat. Kyk ek is ’n laatslaper, en dan word ek weer vroeg wakker ook en so, maar party ouens, jong, hulle kan slaap. Dan werk hulle weer deur die nag, jy weet. Sulke ouens kry jy ook. Party van daai ouens was so hoor, wat so in die nag gewerk het.

**SW:** Ek het deur die nag gewerk.

**JS:** Ja en het hierdie Zec Ezekowitz nie ook so gewerk nie? En Danie en die ouens?

**SW:** Ek weet nie.

**V:** Maar die winter?

**JS:** Maar as ons spanwerk buite moet gaan doen, moet almal daar wees.

**SW:** Dis nou een ding van daardie meisietjie wat ek mee gesels het, sy het my vertel hoe sy alleen moes ’n gallon petrol drom agterop die trekker laai, dat niemand haar help nie. Kyk jy moet bietjie probeer daai goed is swaar hoor.

**V:** Ek kan dink. Ek kan dink dat hulle vandag gaan verwag om dit anders te doen. En hoe is ’n winter op Antarktika?

**JS:** 'n Winter?

**V:** 'n Winter.

**JS:** Kyk, in die winter kan jy nie eintlik uitgaan nie, né? En ek sal vir jou sê, die ouens doen maar hulle daaglikse werk, want jy doen dit maar daar onder. Jy gaan net uit vir noodsaaklike dinge. ’n *Skivvy* moet maar kyk of hy daar kan uitgaan en of hy kan sien om sy goeters weg te gaan gooi. Verder het jy die hele basis wat jy deur moet gaan, die honde moet versorg word en die weerkundiges moet nog die goed daar gaan lees en partykeer op die toring op klim. Ons het mos daar, was dit ’n 100 voet toring wat ons gebou het? Dis nogal hoog hoor en as jy hom so bou en die windjie kom so op, dan kyk jy die wêreld ook maar mooi so uit, jy weet.

**V:** Wanneer, in die winter was daar mense wat so half bietjie hulle persoonlikheid verander het? As mens nie meer kan regtig uitkom nie?

**SW:** Hulle praat van die 'grootoog-sindroom'.

**JS:** Hier was ouens teen die einde wat haastig was om terug te kom, wat nie kon wag nie.

**V:** Ja.

**JS:** Ek dink Pottie was dalk een.

**SW:** En ou Smittie.

**JS:** En Smittie. Ek het hom gedoop “Biesiebek”.
**SW:** En Dries en Ray Statt.
**V:** “Biesiebek”? Wat beteken “Biesiebek”?
**JS:** Ek sal jou vertel. Hy het so hengse baard gehad, ek sal jou sê ’n verskriklike bos hare ook, en as hy daai goed afskeer, weet jy hoe vinnig het dit gegroei? Dan is dit weer... En, omdat hy so verskriklik hare het, het ek hom “Biesiebek” genoem.
**V:** Het julle almal baard gegroei?
**JS:** Ja ons het almal baard gegroei.
**SW:** Nee ek het nie.
**V:** Nie?
**JS:** Het jy nie?
**SW:** Nee.
**JS:** Nee daar was ’n paar ouens wat nie gegroei het nie, want kyk dis makliker met ’n skêr as met ’n skeermes.
**V:** Ja dit is so.
**SW:** Nee as jy baie in die veld is, dan is dit onhigiënies.
**V:** Vertel ’n bietjie meer oor Kaptein McNish?
**JS:** Kaptein McNish was 'n… weet jy ek het ’n boekie gehad wat hy geskryf het.

**V:** Ja, The Eternal Ice.
**JS:** Ek het om vir iemand geleen, ek het hom nooit teruggekry nie en ek is so jammer daaroor.
**SW:** Wat is die boek se naam?
**V:** Eternal Ice.
**JS:** Eternal Ice. Dit was ’n statige ou.
**SW:** Interessante ding van Kaptein McNish, hy het in die Tweede Wêreld Oorlog het hy ammunisie skepe in die Noordsee geseil na Murmansk toe. Ek dink dis die gevaarlikste werk wat jy in die Tweede Wêreld Oorlog kon hê en sy tweede bevel, Herr Funk, die Duitser, het duikbootskepe geseil.
**V:** Was sy tweede bevel op die RSA gewees?
**SW:** Ja.
**JS:** Dit was saam met ou Herr Funk wat ons *winter coffee* gedrink het in die nag, né?
**V:** Wat's *winter coffee*? Koffie met ’n bietjie… spesiale koffie?
**JS:** Spesiale koffie.
**SW:** Die Herr Funk was ’n regte Duitser. 'n Duistere Duitser. Nou het ons ’n kleurling stuurman daarso, nou wyk daai stuurman so halwe graad van die rigting af wat Funk hom gegee het. Dan skud Funk hom so op sy skouers en sê “*get this ship back on line or I will hit you on the map until it bleeds”*.
**JS:** Maar jy sien ons moes ook almal beurte maak om uit te kyk vir ysberge en 'bergie *bits*' en sulke goed. Ek weet nie, Marten het jou seker vertel.
**V:** Nee nog nie regtig nie. Hoe was die RSA gewees? Watter soort skip was dit?

**JS:** Dit was... wat was dit? Hoeveel ton was dit, die RSA... dit was die een wat ons ook op sy *maiden voyage* geneem het, né?
**V:** Ja en hoe was die *maiden voyage* toe?
**JS:** As julle gelukkig is, as ek net... My goeters het so verdwyn, ek het dalk so koevertjie van hom ook, dis dalk gehawende een, maar hy is dalk nog daar.
**SW:** Hy was wat jy noem ’n ysslag 1-skip, hy was nog nie ’n ysbreker nie. Maar hy kan...
**JS:** Hy het ’n lip gehad.
**SW:** Hy kan taamlik oorleef. Hy is van half duim dik staal gemaak, die rots en dan sy skroewe

was vreeslike dik skroewe, onthou jy dit?

**JS:** Ja en hy het voor het hy 'n lip gehad. Die idee was as hy so opskuif teen die yslanding, as hy terug kom, dan slaan hy die bank bietjie stukkend.

**V:** Ek verstaan op sy eerste rit het hy bietjie vasgesit?

**JS:** Hy het vasgesit ja. Dis daar waar ons toe maar bietjie afgeklim het en bietjie seeleeus geskiet het en dan met stokke probeer om die goed weg te skuif.

**V:** Het julle bietjie... is dit julle wat 'n bietjie rugby gespeel het daar op die ys? Met mekaar gespeel het?

**SW:** Nee ek dink dit was SANAE 1, met hul walvisjagter.

**V:** Met hulle robbejagter?

**JS:** Maar kyk ek kan onthou op SANAE 3 het ons op die ysbank gaan stap, dat ons op hom gaan stap het, maar baie versigtig, né? Want toe is hy mos gevries. En dan het jy van binnelands af - ag van die see af na die yswalle toe gekyk en hulle is so massief en as ek gelukkig is, het ek nog foto's van dit ook. Dit was... Dan het ons nie te lank gebly nie want 'n ou het nou net besef as hier moet nou iets gebeur, want 'n ou weet nie hoe dik is die ding nie en al daai soort van dinge. Maar dit was snaaks om op die ysbank te loop.

**SW:** Ons het robbe geskiet op die ysbank, maar jou groot gevaar was altyd jou moordwalvisse wat onder die bank swem.

**JS:** Die Killer whales.

**SW:** Hulle kan dink jy is 'n rob en dan slaan hulle deur daai bank en dan gryp hulle jou en eet jou op. (lag) En jy weet ek is nie baie groot nie, net so halwe slukkie en dan is ek weg.

**V:** En die robbe jagtery? Hoe het dit gewerk? Het julle maar geskiet, het julle gewere gehad?

**JS:** Ja hulle het gewere gehad. Ek weet nie wie het die skietwerk gedoen nie.

**SW:** Ek het geskiet.

**JS:** Daar was goeie skuts daar onder ons en dan het hulle dit met 'n *crane* opgetrek.

**V:** So het hulle gewere gehad op die basis self ook?

**JS:** Nee, nee.

**SW:** Ons het gehad.

**JS:** Huh?

**SW:** Ons het gewere op die basis self gehad. 303's. Ons het nog 10 Oktober nog skyfgeskiet met hulle, onthou jy dit?

**JS:** Jissie, weet jy... ek kan nie dit onthou nie, weet jy? 303's. Dit kan wees.

**V:** Wat bedoel 10 Oktober? Hoekom 10 Oktober?

**SW:** Dis mos helde dag.

**JS:** Ou Paul Kruger het mos op die 10de Oktober verjaar. Hy ek kan nie daai onthou nie, maar noudat jy praat van skyfskiet, dis moontlik. Omdat mens nooit aan 'n geweer dink nie, ons het nie dit nodig gehad nie.

**SW:** Ons het vreeslik vrot geskiet, want jy het plat gelê en dan weer met hierdie mikro bereken van die lig.

**JS:** Dan skiet jy nie akkuraat nie.

**V:** Dis interessant. Ek hoor ook die RSA, soos ek verstaan, was nie altyd noodwendig so regop op see nie, hy het maar soms so bietjie gewieg?

**JS:** Hoor hierso...

**SW:** Ja, RSA het gestaan vir *'rolling slightly awash'*.

**JS:** Het hulle jou nie vertel van die *'roaring forties'* nie?

**V:** Ja?

**JS:** Kyk daar was, toe ons die eerste maal wat ek daar was saam met Marten-hulle, toe was daar iemand. Toe ons die dag daarso geland het en Captain McNish het die ou so gekyk, toe sê hy "Ken ek daai man?" Toe het hy nooit onder uit gekom nie. Hy was siek, hy het gebrul soos 'n leeu en nou is die mense nog moedswillig ook, as hulle van brêkvis afkom,

dan het hulle ’n stukkie *bacon* gevat en met ’n duimspyker hier bokant hom gehang en as hy wakker word en hy kyk dit so, dan brul hy weer soos ’n leeu. En hy is spierwit. Ek het gelukkig nie seesiek geword nie.

**V:** En jy? Seesiek geword?

**SW:** Nee ek het glad nie siek geword nie.

**JS:** Nee ek ook, gelukkig nie. Jy het ’n snaakse gevoel gekry, maar ek het nie gaan wegkruip nie, ek het buitentoe geloop. Maar ek sal vir jou sê dis ’n snaakse gevoel as daai ding so opgaan hierso en hy kom weer so af. Daai groen skuimende golwe.

**V:** Want seevaart is mos nou nie iets waaraan Suid-Afrikaners geweldig bekend is nie?

**JS:** Nee, nee. Daai was seker ook my eerste skeepsreis in my lewe gewees.

**V:** Was daar verteenwoordigers saam gewees van ander lande op SANAE 3?

**JS:** Nee.

**SW:** Nee.

**V:** En SANAE 6?

**JS:** Ses ook nie. Watter ouens het ons gekry wat hier by die Kaapstad aangeland het?

**SW:** Dit was die Belgiese Antarktiese Ekspedisie.

**JS:** Dis reg want hulle, ons het hulle net...

**SW:** Die direkteur van driehoeksmeting het my nog sy kar gegee en gesê ek moet hierdie ouens gaan onthaal.

**JS:** Ja, maar dit was lekker daai tyd.

**SW:** En ek het hulle na die Kaapse Simfonie orkes gevat wat hulle geweldig geniet het. Ons stap daar by daai woonstelle onder die berg en ek hoor iets beweeg, toe is dit ’n Kaapse Kobra en ek gryp sommer ’n besemstok hier om ’n deur en ek slaan hom dood. Joe maar dit het daai klomp Belge beïndruk. Hulle het daai Kobra in, wat noem jy hierdie vloeistof? Formalien of iets gesit.

**JS:** En hom saamgevat.

**V:** Was daar wetenskaplikes van ander lande saam gewees?

**SW:** Saam met hulle ja, nie saam met ons nie.

**JS:** Niks vir ons nie, nee.

**V:** Maar op die ekspedisies, was dit meestal Afrikaanse mense gewees?

**JS:** Ja, kyk daar was Engelssprekendes ook, maar ons kon mekaar - omdat hulle maar hier groot geword het seker - kon ons mekaar verstaan. Kyk met ou Wolfgang moes ons almal Engels praat, hy kon nie Afrikaans praat nie.

**V:** Daar was seker ’n paar van julle wat kon Duits praat? Later?

**JS:** Nee, nie wat ek kan onthou nie. Hy kon seker Duits praat.

**SW:** Nie goed genoeg om met hom te praat nie, want sy tuistaal was Duits en ek het maar Duits op skool gehad.

**JS:** Hy praat nou van Direkteur-generaal of wat ook al wat vir hulle ’n kar gegee het, maar dit was te lekker daar terwyl ons nou nog daar in die Kaap is. Nou kan ek nie onthou, daar is baie dingetjies wat jy nog moet reël en sien of dit reg is en so aan jy weet. Kyk of ons voorrade afgelaai is en al daai soort van goed. Dan besluit jy, jy gaan vanaand fliek, *Yesterday* dan kom daar een van die *grand* karre van die regering jou oplaai. Nou gaan ons fliek, dan laai hulle jou daar by die fliek af en dan kom laai hulle jou weer op en dan kyk hulle wonder wie is hierdie outjies?

**V:** As span leier, wat was die *duties?* Ek kan nou nie die Afrikaanse woord onthou nie?

**JS:** Die *duties*?
**V:** Van die spanleier, vooraf?
**JS:** Nou laat ek jou sê, jy moet maar die vrede en die goeters bewaar.

**SW:** En die midwinterete voorberei.
**JS:** En jy moet sorg dat die pligte uitgevoer word en jy moet sorg dat die pligte reg uitgevoer word en jy moes elke dag, het ’n ou (ek dink) sekere verslae moes stuur aan die departement hier. Sien dat die weerberigte uitgaan en jy kry partykeer ook briewe wat jy moet antwoord, dan moet jy dit skryf en dit moet uitgestuur word. So die pligte is maar, sal ’n ou sê, jy moet die hele ding bestuur en as daar klagtes is, dan moet jy die klagtes gaan besleg op ’n goeie manier, op ’n diplomatiese manier.
**SW:** Ag dit was maar moraal en dissipline...
**JS:** Dis al daai dinge en mens het ook allerhande goed probeer reël, dat die mense... wanneer was dit, midwinter? Wat groot programme was en al sulke dinge, dan moes elke ou ’n ding gaan voordra daar of iets doen of wat ook al, jy weet.
**V:** Maar met watter mense by Departement Vervoer het die spanleier gewerk? Was dit maar met die Sekretaris van Vervoer?
**JS:** Kyk ek het baie van sy briewe gekry en ek soek nog ’n paar van daai soort telegramme wat mens gekry het, want ek het een van Verwoerd gehad.
**V:** Wat wat gesê het?
**JS:** Wat ons midwintersfees toegewens het, ’n goeie, ensovoorts. Ek wens ek kan hom kry, maar ek weet nie of daar êrens in die argiewe van die goed is wat van die basis af gekom het nie, sulke goed nie.
**V:** Was dit SANAE 3, wat die eerste poging was op Verwoerd se lewe?

**JS:** Ek dink so.
**V:** Het julle dit gehoor daar?
**JS:** Nee wag ’n bietjie, was dit nie voor dit nie?
**V:** Hy is in '66…
**JS:** En ons was '65, né?
**V:** So julle was al terug toe hy...
**JS:** Is dit toe Pratt hom geskiet het of wat?
**V:** Nee, nee die tweede ou, toe Tsavendas hom geskiet het.
**JS:** Tsavendas.
**V:** Ja dit sou gewees het met julle, want julle was '65 tot '66.
**JS:** Dis reg, ja.
**SW:** Ons tyd…
**JS:** Ja maar ek kan nie onthou watter tyd het dit gebeur, watter maand nie.
**V:** Ek kan ook nou glad nie onthou nie.
**JS:** Maar ek kan onthou een ding het plaasgevind omtrent op my verjaarsdag, ek weet nie of dit Pratt se storie was nie. Maar hy het mos reggekom daarvan?
**SW:** In ons tyd het daar twee interessante politieke dinge gebeur. Die een was, ek onthou die Amerikaners het nie meer die helikopter steun gehad nie, want al hulle helikopters was in Vietnam.
**JS:** Dan wanneer was Daan desimaal? Was dit nie toe ons hier af is nie?
**SW:** Die Rand-Sent man.
**JS:** Ja, Daan Desimaal, die Rand-Sent man.
**V:** O daar’s ’n liedjie mos?

**JS:** Ja, ek sit nou skielik daaraan en dink, ek dink is dit toe ons af was wat dit net geïmplementeer is?

**V:** So toe kom julle terug en toe is dit nou nie meer in ponde en pennies nie? Wat van Daan Desimaal?

**JS:** Maar kyk dit is toe ons die metrieke stelsel moes gekry het.

**V:** Ja, maar toe kom julle terug en toe moet julle in ander geld dink?

**JS:** Maar het ons nie, was dit nie al geïmplementeer toe ons af gegaan het nie? Ek kan nie onthou wanneer nie, of dit was so in...

**SW:** Ons het afgegaan so in...

**JS:** Ja in '61 en ons was '62, né?

**SW:** Die Beatles was mooi aan die gang gewees en sterk.

**V:** Het mens hierdie nuus gemis, dan? As jy nou daar op Antarktika is en jy kom terug, was die wêreld baie anders?

**SW:** O ja.

**JS:** Ja, hy was anders, want toe ek by ’n vriend van my – hy was ’n prokureur daar in die stad aandoen – en ek kom daar by sy kantoor ingestap, toe roep hy almal en hy sê kom kyk hierso, liewe Jesus is hier in die gang.

**V:** Toe is dit nou die baard?

**JS:** My baard en my hare was lank en al sulke goed. En dit was vir ons warm. Hier in die winter nog het ek nog nie koud gekry vir ’n lang tyd nie, regtig. Om weer terug te klimatiseer en die nuwe karre en die baie mense en die *damn* vlieë wat jou pla.

**SW:** Wat my gevang het, die eskalasie van die koste van goed.

**JS:** Ja, dit ook. En om weer met geld te werk, ons het nie met geld gewerk nie, ons het nie in winkels gekom nie. En sulke goed, jy weet.

**SW:** En om met ’n kar te ry.

**JS:** Ja.

**SW:** Die vinnigste wat daai trekkers kon ry was omtrent twee myl per uur.

**V:** Julle het mekaar geken voor die sesde ekspedisie? Voor SANAE 6?

**JS:** Weet jy, toe ek daai eerste keer, ek het by die weerburo gewerk en kyk my skoonma het daar gewerk, ou tannie Sannie. Almal het haar geken, daar was nie ’n weerburo ou wat haar nie geken het nie, nie die wat op Gough of Marion eiland toe is of waarheen. Ek het haar ook geken. Toe ek nou terugkom en weet jy ek het ook baie keer daar by hulle gaan tee drink sommer daar en gesels en toe was sy nog maar ’n ou dogtertjie gewees.

**SWV:** Ja my ma het eers na hom gevry en toe besluit sy, sy is bietjie oud vir hom, toe sê sy ek moet hom maar vat.

**JS:** Nee sy vertel dit verkeerd, haar ma het my gesmeek om haar dogter te vat, uit die huis uit te vat.

**SW:** Hy was te lelik vir haar gewees.

**JS:** Daai is nie waar nie, ou maat.

**SWV:** Nee hy was die beste na gesnyde brood in haar oë.

**JS:** En toe ek terugkom daar, toe sê ek vir haar ek gaan nou daar by haar kom bly, want weet jy daar by hulle, haar pa is al dood in 1959, het hulle Pretoria toe gekom. Hulle het so groot buitekamer gehad, studente het daarin gebly. Nou ja, toe sien ek daai kamer is beskikbaar. Toe sê ek vir tannie Sannie ek gaan nou daar kom bly. Toe sê sy ja, ek kan daar kom bly, maar jy los net my dogters uit. Die ding is, toe los die dogters my nie (lag).

**SWV:** Hy kon nie my *charm* weerstaan nie.

**V:** Ek wonder nou net. Hy vertel dan nou net hoe goed hulle leer brood bak het en sulke goeters, is dit goed wat hy later gedoen het?

**SWV:** Hy het heeltemal geheueverlies en spasties geraak wat dit aanbetref. Heeltemal.

**JS:** Voedselgestremd.

**SW:** Ek het ’n prokureursvriend gehad en ek vertel hom eendag van ons broodbakkery op Antarktika en toe knoop ek en hy ’n broodbakkompetisie aan. Hy maak sulke bakstene en myne is so lig en heerlik en eendag toe vang hy my in Pick ’n Pay waar ek deeg koop. Toe was dit die einde van die kompetisie.

**JS:** Nee ek kon nogal daar ’n brood gebak het.

**SWV:** Hy kon baie lekker kos gemaak het, maar hy het dit verskriklik gou afgeleer.

**JS:** Hy sê darem ek kon lekker, wat noem jy dit? Hierdie styselpypies gemaak het.

**SWV:** En hy eet dit nie eers nie, dis nou *macaroni*.

**JS:** Daar het ek dit geëet.

**SWV:** Ja wel, dis nie ek wat dit gemaak het nie, so jy het dit geëet.

**JS:** Ek het hulle so lekker ryk en lekker gemaak, sulke lae.

**V:** En die fiskeballe? Was daar nog fiskeballe van Noorweërs?

**JS:** Nee daai goed wil ek nie geëet het nie. Wie was daai ou van die eerste ekspedisie wat daai goed nogal geëet het? Hy het ’n Hollandse van gehad.

**V:** Bonnema?

**JS:** Bonnema, Dick Bonnema.

**V:** Het julle enige Noorweegse kos nog gehad wat daar rond was?

**JS:** Weet jy, daar was sulke *Reindeer*vleis gewees.

**V:** O genade.

**JS:** Wat ons in SANAE 3 nogal nie te *bad* gewees nie.

**SW:** Oe dit was heerlik.

**JS:** Ja.

**SWV:** Ek dink dit was ’n verandering.

**JS:** Daai was lekker, maar daai bloedpoeding en daai fiskeballe goeters.

**SW:** Fischkeboele poeding.

**JS:** Ja ek het daai goed nie, ek het hulle met lang oë aangekyk.

**V:** Hoeveel van die Noorweegse basis van Norway bay se goed het oorgekom na SANAE 1 toe?

**JS:** Ons het die... ek sit nou-net en dink wat is hulle naam, ons het daardie kragontwikkelaars uitgehaal en dit het ons ingesit in die hulpkragkamer. Ek het jou mos vertel van die hulpkragkamer? Beuler? Boler?

**SW:** Beuller Bolander.

**JS:** Bolander, so iets was daai goed se naam. Ons het Deutsch-masjiene gehad met kragontwikkelaars.

**SW:** En dan hulle het ’n radiostel ook daar gehad.

**JS:** Ja, maar hulle goed was bietjie verouderd, kyk ons het al bietjie tegnologies gegroei, ons het al *depot*-stowe gehad. Hulle het nog daai paraffien stofies, en weet jy daai goed het nog gewerk.

**V:** Regtig? Na al daai jare?

**JS:** Ja. Hulle het sulke goed gehad.

**SW:** Ek het nog een van daai lampies wat uit daai basis uit kom.

**JS:** Ek het van hulle gehad, maar ek het hulle verloor.

**V:** So die basis het gebly, julle het nie afgebreek of enige iets nie?

**JS:** Nee, maar hy het al self beginne inmekaarsak.

**V:** Van die ys bo-op?

**JS:** Ja, so ons kon nie te lank binne-in bly nie, ons het daai goed uitgehys daarso.

**V:** Soos die beddens en so? Of het julle dit daar gelos?

**JS:** Ek dink dit het daar gebly, want ons het als nuwe bunkers gehad en sulke goed, né? En ons het net... Nou onthou ek, hawer *cracks* of so-iets, was sulke koekies wat hulle gehad het. Ek kan nou nie die name onthou nie, ek kry nou net sulke skielike... Wat's daai ander goed wat ons van daai basis af gekry het?

**SW:** Onthou jy daar het nog so dooie Husky hondjie daar gelê?

**JS:** Ja kyk die goed vries, hulle bly.

**V:** Hulle vrot nie.

**SW:** Die laaste ou wat daar gebad het se badwater was nog daar. Oe maar hy was vuil gewees daai tyd al.

**V:** So julle het 'n bietjie gaan kyk na hoe dit lyk, so dit kon nie baie ver gewees het nie?

**JS:** Ja, ons het eintlik net die goed gaan uithaal daarso, jy sien.

**V:** Hoe ver was dit gewees van die basis af waar julle gebly het?

**JS:** Dis 'n hele entjie daai, ek kan nie onthou hoeveel kilometer nie.

**SW:** Hulle het my gevra om die ingang te meet.

**JS:** Ek kan nou nie meer onthou nie, maar dit was 'n hele entjie.

**SW:** Meer vir 'n noodkosvoorraadplek en dan moes ons die ingang weer toemaak sodat niemand weer daar kon in kom nie, want dit was gevaarlik onder in die basis.

**JS:** Nee kyk die balke het al gekraak en sulke goed en ons moes maar vir hom sê koebaai, jy weet en die ouens mag nie meer soontoe gegaan het nie, want dit kan gevaarlik wees. Die huidige basis, maar hulle het nou al hoeveel basisse daar gebou?

**V:** Dis nou vier.

**JS:** Vier né? So ek weet nie hoe ver het hulle dit van die oorspronklike een gebou nie, hy was omtrent 11 kilometer van die bukta af.

**V:** Die nuwe basis is op 'n nunatak gebou.

**JS:** Ja want hulle... wat is nou weer 'n nunatak, dis vaste aarde?

**V:** Dis vaste aarde, dis 'n stuk wat uitsteek.

**JS:** En hy staan op stilte, ek het hom gesien, dit lyk of hulle hotelle daar het. Dit lyk my hulle het 'n *chef* ook.

**V:** Hulle het 'n Jacuzzi en 'n Sauna en...

**JS:** Herder, ek sal moet daai foto's van my soek dat hulle sien hoe het ons, hoe primitief het ons geleef.

**V:** Asseblief, ons sal bly wees om dit te sien.

**JS:** Maar ek sal soek, want ek sien my skyfie projektor, sien jy moenie daai ding vergeet nie, noudat ek nie meer vir Unisa werk nie, moet ek iets doen so nou sal ek daai as 'n projekkie vat.

**V:** Dit sal wonderlik wees.

**JS:** Jy moet maar optel hierdie goeters, en dan sê jy wat van dit en wat van dit, en dan laat jy vir ek en ou John weet.

**V:** Ja, maar ons sal weer kom.

**JS:** Dan sal ons bietjie daaroor gesels. Hier en daar onthou ek darem nog iets.

**V:** Nee dis baie duidelik so. Ek wil net gou weer terugkom by die Departement Vervoer, het julle iets te doen gehad met die Departement van Buitelandse Sake?

**SW:** Nee, eintlik nie.

**JS:** Nee, nee want al ons goed is maar gereël deur Departement Vervoer en hulle het seker met hulle betrokkenheid gehad, né? Want kyk dit is darem 'n regerings ding wat gefinansier is deur hulle ensovoorts, né?

**V:** Hoe bewus was julle van die Antarktiese verdrag?

**JS:** Nee ons het geweet wat dit is.
**SW:** Nie vreeslik nie.
**JS:** Maar ek het dit nou al vergeet.
**V:** Maar hulle het nie aan julle die leviete voorgelees nie?
**JS:** Nee wat.
**SW:** Ons het geweet omdat ons resultate alles na die SCAR, die Scientific Council for Antarctic Research gestuur is.
**JS:** Daar was sekere goed wat meer regerings gebonde was in daai ding, né laat jy nie mag dit gebruik het as 'n... sê nou maar ’n verdedigingspunt of so iets, of wat ook al en sulke goeters nie, né? Want hulle het nogal ’n redelike verdrag, - ek weet nie of hy nou al verander het met die tyd nie?
**V:** Nee dis nog strenger as vantevore.
**JS:** Is hy nog steeds streng?
**V:** Baie strenger, want hulle het dit nog verfyn.
**JS:** Onthou en die tegnologie het nou verbeter, né?
**SW:** Ons het goed daar gehad wat die Amerikaners ons geskenk het, want hulle het die Russe dopgehou vir kernproef, en die ou Suzari seismograaf, dit was ’n skenking van die Amerikaners.
**V:** Moes julle dit op die skip afvat?
**SW:** Nee.
**V:** Het hulle dit sommer...
**SW:** Ek dink die Amerikaners het hom self geïnstalleer daar.
**V:** By die basis in Antarktika? Moes julle hom net beman?
**SW:** Ons het hom beman ja.
**V:** En die inligting terug gestuur Amerika toe?
**SW:** Ja.
**V:** En die weer inligting en so? Het dit nou maar direk...
**JS:** Daagliks na so ’n ballon opstyging ensovoorts, en kyk daar was ook spesifieke ure wat inligting, en dan is dit op 'n, kom ons sê maar op 'n... Julle sal sê op ’n *spreadsheet* vandag. Ons het nie sulke *damn* goed gehad nie. Ek wil julle nog my rekenaar wat daar in ’n kissie is wys, wat ek mee universiteit geswot het dan lag julle, julle dood. Dan vra julle ook vir my of ek in Moses se tyd groot geword het. Maar in elk geval, waarvan het ons nou gepraat?
**V:** Oor die Russe en oor na wie het julle gekontak met die weerlesings?

**JS:** O kyk, ons het so... ek weet ons het so bietjie met Mowbray, dis Mowbray né?

**V:** En hierdie trigometrie, die (wat noem mens dit?) die kaarte mense...

**JS:** Ja hy het met hulle betrokkenheid gehad, en daai is mors... jy sien ek moet net weer die name onthou.
**V:** Ja Mowbray, ag wat noem mens hulle?
**SW:** By Hermanus was die...
**V:** Die magnetiese...
**JS:** Ja by Hermanus het ons betrokkenheid gehad want hulle was die geomagnetiese navorsers.
**V:** Ja, hulle is die Hermanus Magnetic Observers.
**JS:** En daar was ook ’n oubaas Van Wyk daai tyd, hy is seker nou al lank al nie meer daar nie.
**SW:** Hy was so laat middeljare toe ek hom ontmoet het.
**JS:** Ek het hulle daar gaan besoek destyds toe ek af, ek het mos vroeër afgegaan of so iets,

ek kan nie onthou nie.

**V:** Dit was die Trig Survey wat in Mowbray is, hulle teken die kaarte. Hulle is nou nog daar.

**JS:** Hy het betrokkenheid seker met hulle gehad, maar ons het met die Aussies bietjie gesels en ons het met Halley Bay.

**V:** Ja die Engelse.

**JS:** Die Engelse en ek dink ons het een keer net so met die, ek weet nie of ons met die Russe net so effens kon kontak kry nie. Want die kontak was maar swak. Vandag is hulle dalk, is dit dalk baie beter.

**V:** Ja nee, vandag is dit ’n telefoon wat jy optel. Daar’s ’n landlyn.

**JS:** Ja kyk dit werk so omdat jy satelliete het en ons het maar gesukkel jong.

**V:** Antarktika het ’n Kaapstad nommer nou. Dis ’n 012-nommer.

**JS:** Nou jy sien, ons het nie so bevoorreg gewees nie. So jy kan jou liefie nou bel?

**V:** Ja jy kan jou liefie bel en praat. Jy kan Skype ook en dan sien hulle sommer jou gesig.

**JS:** Ja jy sien, kyk al daai goeters het ons nie gehad nie, wat van ’n rekenaar man? Ons het nog, wat het ons gehad? Koffie masjiene en sulke goed?

**V:** So in watter mate was daar dan geleentheid gewees om goed te ontdek?

**SW:** Ek het ’n ou Basset gehad.

**JS:** Om wat te ontdek?

**V:** Enigiets te ontdek. Om rond te speel en...

**JS:** Ja kyk, nou kan jy daar sit en as jy navorsing doen kan jy nou met rekenaars speel en jy kan daar goeters trek. Ons het nie daai goed gehad nie.

**V:** En gereedskap? Moes julle soms innoveer?

**JS:** Gereedskap? Ja, ek sal jou vertel van ’n geleentheid waar ons in die veld was en daardie... laat ek nou net nie vir julle lieg nie, daai... hierdie kruiptrekker van ons het ’n *gasket* geblaas en hierdie Boetie John het hom met stukkies bier blikkies gelas dat ons weer by die basis kan kom en hom regmaak.

**V:** So julle het bierblikkies selfs gehad?

**JS:** Ja ons kon innoveer. Ja nee, moet nie ’n fout maak nie, kyk ons het bierblikkies of Coke blikkies gehad, maar daai goeters – *Yesterday* ons het goed in Coke botteltjies gehad was ons in die *caboose* saamgevat het.

**SW:** Daai Boetie John was baie sensitief oor sy trekkers. Jy moes nie ’n stompie daar in die kajuit los nie, jy het hom gekry in jou koppie koffie terwyl jy in die sitkamer sit.

**JS:** En ’n ander ding wat ’n reël by so kruiptrekker Muskeg was, as jy van êrens af kom, veld-*trip* of wat ook al, dan moet jy hom weer vol brandstof maak. Weet jy hoekom? Want hy kondenseer en dan kom daai ys in die pypies in. Ek kan onthou dat ons een tyd, het ons na ’n *depot* toe gegaan wat ons daar by die bukta gehad het om goed te gaan haal en die besondere dag het dit verskriklik koud geword en ons het gesukkel om die trekker aan die gang te kry toe ons wou terugkom. *Yesterday*, nou maak jy die pypies los, maar ek weet nie of jy gesien het nie, ons het sulke *feldt inners* gehad en ek kan nie onthou wat nog nie, sulke ander ligte leer handskoene en dan het jy daai groot een gehad wat nie die vingers gehad het nie.

**V:** Ja met net die duim?

**JS:** Ja, en sulke goed. Nou kan jy nie met daai ding aan die pypies werk nie, nou trek jy hom uit maar dan trek jy hom weer aan, so koud is dit. Toe probeer ons daai ys uit hierdie ding uit kry. Toe het ou Daan, Danie Olivier, toe het ons op radio gesê, en toe het hy ons

te hulp gesnel.

**V:** So die mens se aanpassingsvermoë kom nogal na vore?
**JS:** Ja. Toe kom haal daai ou ons daarso toe ons daar so koud was. Ek kan onthou hy het vir ons warm kos gebring. Dit was blikkies... dit was soos ’n *pie*, ek weet nie wat is ’n *pie* in ’n blikkie. Ons het snaakse goed gehad.
**V:** 'n *Pie* in ’n blikkie?
**JS:** Ja.
**V:** Was daar nie ook heel hoenders gewees in blikkies nie?
**JS:** Nee.
**V:** Nie?
**JS:** Maar daar was iets wat ons in daai jare gehad het op SANAE 3, skaaptonge, en ons wil dit nie eet nie en Marten het eendag vir ons gepreek oor ons dit nie wil eet nie. Kyk ek... Skaaptong was nou nie vir my iets om te eet nie en wat nog van varktonge? Ek weet nie hoekom het hulle dit vir... ek wou nie daai goed eet nie.
**V:** Het julle nog skaaptonge en varktonge gehad?
**JS:** Ek dink ons het varktonge gehad of iets, ek weet nie hoekom de hel het die mense dit vir ons ingepak nie? Ek was nog bietjie kieskeurig daai tyd, ek sal ook nou nie skaaptong eet nie.
**SW:** Ou Sewes se gunsteling was hierdie ingelegte visse, Salm en tamatiesous.
**JS:** Ja jy kan baie goed met daai goed maak, jy kan koekies ook bak met hulle. Jy kry ook hierdie sardyne.
**V:** Ja hierdie *Pilchards*.
**JS:** Ja.
**SW:** Hy het dit altyd pofadder genoem.
**JS:** O nee maar hoor hierso, daai pofadder velle, dis hierdie... die Hollanders wat dit eet en ek het Hollander familie gehad en vriende. Hulle eet mos hierdie haar...
**SW:** Rollmops.
**JS:** Rollmops. Ek sê vir hulle dit lyk vir my net soos pofadder velle, ek eet nie daai goed nie.
**V:** Ek het nou gehoor, die woord 'kruiptrekker' vir ’n Muskeg?
**JS:** Ja dis my naam gewees daarvoor, ons naam. Kruiptrekker, want hy kruip mos.

**V:** Ons het nou ’n lys gesien wat die weerburo uitgereik het vir Afrikaanse Antarktiese terme. Het julle Afrikaanse terme gebruik of Engelse terme?
**JS:** Kyk ons het maar, ons het maar Engels en Afrikaans gepraat, jy weet. As jy van die Muskeg gepraat het, dan het jy van die Muskeg gepraat. Wie is die vervaardigers nou weer van hulle?
**SW:** Die Kanadese.
**JS:** Dis hierdie wat jy die treine ook gemaak het? Ek sal nou-nou by die naam kom.
**SW:** Dis die Bombardier.
**JS:** Bombardier. Ek wil jou nou vinnig van die kruiptrekkers iets vertel, onthou my net dat ek nie vergeet nie. Skryf daar kruip rekker, brandjie, ongeluk.
**V:** Okay.
**JS:** Wat wou jy gesê het, dit is Bombardier? Hulle begin ook mos nou met hierdie treine te doen hê.
**V:** Met die Gautrein?
**JS:** Ja, nou kyk hoe ver loop hierdie Bombardier, nou kyk daarna het hierdie ouens mos hierdie groter kruiptrekkers gekry waarmee hulle gery het en toe ons terug gekom het van SANAE 6 af, toe kry hulle hierdie Tabogens. *Yesterday* ons het nie sulke goed gehad nie, man.
**V:** Hulle het dit nou heeltemal ge-*do*, dit is nou amper soos ’n *jetski*.

**JS:** Ja ouens was jaloers toe hulle met hierdie soort van goed daar aankom en het hulle nie ook toe met beter kruiptrekkers gekom wat groter en meer mense in kan ry en sulke goed nie?

**V:** Ja en vandag is dit Caterpillars en...

**JS:** Ja ons het nie sulke goed gehad nie, ons grawe ’n gat.

**SW:** Het julle nie nog eksperimenteer met ’n Volkswagen nie?

**V:** Ja ons wou ook nog daarvan hoor. Was dit julle?

**JS:** Nee dit was, was dit? Nee dit was nie ons nie.

**V:** Was daar ’n swart Beetle gewees?

**JS:** Nee dit was net ’n jaar of wat daarna, want kyk, toe begin die ouens nou onder mekaar gesels jy weet. Kyk, na Hannes la Grange-hulle en toe was dit SANAE 2I, was 'n...

**V:** Van der Westhuizen?

**JS:** Dit was Van der Westhuizen, dis die naam wat ek netnou ook wou geweet het. Wat is sy voorletters?

**V:** J.P.

**JS:** J.P. van der Westhuizen. SANAE 3 was ons, Marten. Nou toe het die mense nou al beginne gesels oor dinge daar en beginne idees kry en wat ook al. Toe het hulle met ’n Beetle gekom, né? Nou ons het nog nie daardie, ons moes nog te hard werk in ons jaar. Want kyk in ons jaar het daai basis gebou, dis ’n jaar se werk, dat ek jou vertel.

**V:** Nie ’n paar maande nie?

**JS:** Ons het baie hard gewerk en ons het net grawe gehad, ons het nie *bulldozers* gehad nie.

**SW:** Toe sien ek hoe daardie ou geel trekkerjie...

**JS:** Ek het netnou vir haar gesê, wat was daai ding se naam?

**V:** Pekanien? Suikerbossie?

**JS:** Ja Pekanien. Kyk Pekanien was al ding wat ons gehad het en Pekanien moes ons na daai storm gaan uitgrawe. Hy was heeltemal weg. Weet jy hoeveel werk is dit om hom uit te grawe met ’n graaf? Nee ons het hard gewerk daai jare. Ek sal vir jou sê ek was fiks toe ek by die huis kom. Hierdie 25 liter diesolien dromme, vol, het ons so gevat dan laai ons hom so op die sleë. Dis seker hoekom my rug vandag opgeneuk is.

**V:** Was dit harder werk gewees, SANAE 3 as SANAE 6?

**JS:** Ek dink so. Toe het ons die hele basis gebou, hoor. So dis elke dag.

**V:** Nou hoe was dit om terug te kom Antarktika toe en daar is ’n basis?

**JS:** Dit was lekker en maar daar was baie goeie herinneringe en weet jy as jy in jou slaapplekkie gelê het en ’n ou stap daar in die gang af, dan het ek geweet wie is dit.

**V:** Leer ken mens mekaar se voetstappe?

**JS:** Nee regtig, ja en... Dit was so, né? Dit was so wonderlik as ’n ou stap daar en jy het geweet wie stap hier af.

**SW:** Jy het naderhand geweet presies wat die volgende ding is wat ’n ou gaan sê.

**JS:** Ek het geweet.

**SW:** Hoe het jy van die flieks gehou wat soos agterste voor gewys het.

**JS:** Ek het hulle nou vertel van daai een van Brigitte Bardot, wat was tog sy naam? Hoekom het ek dit vergeet? Maar daar was so toneeltjie wat sy op die dek gelê het. Nou kyk, in daai dae... ag daai dae was dit, ag jy sal jou dood lag as jy dit sien in terme van vandag se goed, né? Weet jy die ouens het hom soontoe gespeel en terug gespeel en soontoe gespeel en terug gespeel, daai soort van dinge of waar sy gestap het. Dis die waarheid, want onthou jy sit daar, jy sien g'n mense nie. Ons het net daai flieks wat ons saamgebring het, wat hulle vir ons wys, né? Verder het jy net tydskrifte en goed wat jy

saam geneem het, jy kry nie nuwe tydskrifte nie, jy het nie kontak met die buitewêreld soos hulle nou het nie. Hulle het nie rekenaars gehad nie. Het jy al gesien hoe lyk ’n *slipstick*?

**V:** Nee? Wat is dit?

**JS:** Dis my rekenaar wat ek en ’n *log book* waarmee ek ingenieurswese geswot het. Nou daai tyd het ons, het ons al rekenaars gehad?

**V:** O is dit daai liniaaltjie wat jy so skei? Ja?

**JS:** Ja, jy kan *logs* en als met hom opsoek.

**V:** Tik jy dit nie in ’n sakrekenaar in nie?

**JS:** Ons het nie sakrekenaars en sulke goed gehad nie, man. Het ons nog ons *slipsticks* saamgevat?

**SW:** Ek het ’n Basset gehad en dit was die mees gesofistikeerde bereken-ding op daai basis.

**JS:** Man ek kan onthou by die universiteit, daar was so rekenmasjien. Jissie, as hierdie ding aan die gang gaan, dan klink dit of hy iets maal en dan slaat hy so 'kataks, kataks' as hy so by ’n antwoord uitkom en sulke goed.

**V:** Jy wou my nog ’n storie vertel oor die kruiptrekker en brandjie?

**JS:** Nou dit. Ek weet nie waarheen was ons op pad nie.

**V:** Was dit nou SANAE 6?

**JS:** Brandjie was SANAE 3, want Brandjie en Fanus du Preez en ek en wie was daar nog wat weerkunde was?

**V:** Douw Moller.

**JS:** Douw Moller. Nou dit was daai jaar, dis SANAE 3. Man, hy spring agterop die trekker. Jy weet op daai trekker, hy het so reëling gehad en sy voet - dis koud gewees - kom daar onder die kruiptrekker in en hierdie hakskeen van hom, omtrent fyn gemaal. Toe is ons daar in. Ek sal dit sien voor my geestesoog nog, hoe ou Charles Lautenbach daai stukkies aanmekaar gewerk het. Meeste van die ouens kan nie sulke goed... ek was ’n paar keer Charles Lautenbach se assistent. Ek gaan jou nou-nou vertel van al die stories. Dit is wat daar gebeur het met Brandjie. Jy sien dit was ’n lelike ongeluk toe moet hy nou maar bly en ons ander is nou maar weer verder met die storie.

**V:** Kon hy toe weer later loop?

**JS:** Hy kon, dit het mooi reg geword. Nou hierdie einste, was dit nou Brandjie? Op die skip terug, toe het hy ’n blindederm aandoening en ou Charles Lautenbach moet daai blindederm uithaal en ek was sy *nurse*. Nou hierdie Brandjie, dis ’n lokale verdowing, né? Toe het ek eers mooi gesien hoe werk hierdie spiere hier oor ’n mens se maag en hoe ek met daai snaakse knippers nou hier moet oophou sodat Charles hier in sy goeters kan voeter. Dan wil hierdie Brandjie net koffie hê, dan sê ek vir hom hy moet lê. Sulke goed, jy weet?

**V:** So mens doen goed wat jy nie noodwendig voor opgelei is nie?

**JS:** Nee, maar voor die tyd, toe ons geland het daar, voor ons geland het toe was daar die skip se radiobediener - Moriati of so iets. Ek weet nie of jy die skipspersoneel... Hulle speel ook ’n rol daar, né? Die Moriati is oorlede op die skip.

**V:** Van wat?

**JS:** Ek kan nie onthou of hy ’n hartaandoening gehad het of wat nie, maar hy is toe daar in wit doeke toegemaak ensovoorts en nou almal gril vir die storie. Ek onthou toe ons geland het, het ek en ou Fanus du Preez hom daar afgedra saam met van die skeepspersoneel en ons het hom gaan begrawe daar in die ys met ’n klomp merkerpale. Deur die jaar toe wou sy familie, hulle wil toe nou die lyk terughê, en aan die einde van die jaar moet hy nou terugkom. Toe het hulle nou gereël dat daar gaan nou ’n loodkis kom, maar hierdie lyk moet eers ontdooi en dan moet hy morfien ingespuit word. Wie dink jy was nou weer Charles se assistent? Ekke. Dis eienaardig, dis die eerste maal dat

ek aan ’n dooie mens gevat het wat al ’n jaar dood is, maar hy het niks oorgekom nie, maar nou gaan allerhande goed in ’n ou se gedagtes om. Dis grillerig, né?

**V:** Ek kan dink, veral dat hy nog lewendig lyk.

**JS:** Ek moes hom gaan help. Hy moes ontdooi word en daai goed moes dreineer word en hy moes die morfien inkry en hy moes in die loodkis gaan en hy moes afgaan na die *hole* toe. Ek kan nie onthou van watter land af hy gekom het nie, maar dit moes toe van Suid Afrika weer soontoe geskeep word. Jy kan maar gaan naslaan, dis Moriati. Ek onthou die naam. Hoe sal ek dit nou spel? Laat jy dit reg uitspreek? Seker M-O-R-I-A-T... so iets.

**V:** Dis ’n karakter in ’n Sherlock Holmes verhaal.

**JS:** Ja. Maar as jy daai ding reg uitspreek sal jy die naam êrens kry. Hy behoort in daai boekie van McNish te wees.

**V:** Ja want dit was nou op die nooiensvaart gewees?

**JS:** Ja op die nooiensvaart.

**V:** So klink vir my met SANAE 3 en SANAE 6 het die spanlede nog redelik nou saamgewerk met die skeepspersoneel? Of daar was redelik interaksie?

**JS:** Ja, daar was interaksie. Jy weet, jy kan vir jouself nou indink toe ons afgegaan het, toe was daai skip gelaai op sy *maiden voyage* en hoeveel goed was op sy bo-oppervlakte vasgebind en ek kan onthou toe ons daar deur die *roaring forties* is, toe moes ons daar uitspring saam met die skeepspersoneel toe die golwe so oor daai skip gaan om te gaan kyk dat daai goed weer sterk vasgebind word, laat dit nie afspoel nie. Dit was lelike storms daai, dit was lelike storms op die skip gewees. Ek kan dit nog onthou.

**V:** Die lelike storms?

**JS:** Ja.

**V:** En, ek is nou heeltemal weer by iets anders. Het julle ooit robvleis self probeer eet?

**JS:** Daar is van die ouens wat dit... maar ek wou nie.

**SW:** Nee, hy is nie lekker nie.

**JS:** Hy is te olierig.

**V:** Het oom dit geëet?

**JS:** Ek het dit nie eers geproe nie, maar ek weet daai Henry Fulton, hy het als ge-*try*.

**SW:** Ek het hom geproe, maar dit proe soos visolie. Wat ons daar gehad het wat baie lekker was, ons het sakke walvisvleis gehad.

**JS:** Dis reg.

**SW:** En dit was die heerlikste steaks gewees.

**JS:** Hulle het gesê daai goed was oraait, ek het dit ook nie geëet nie, ek was te puntenerig daai tyd.

**V:** Het dit geproe soos steak? Walvis vleis?

**SW:** Ja.

**V:** Waarvoor is die walvisvleis afgevat, as kos vir julle of vir die honde?

**JS:** Vir die honde, hulle het sulke *chunks* gekry.

**V:** So julle het hondekos geëet?

**JS:** Ja, hulle het hondekos geëet. Maar kyk daai walvisvleis is nogal rooierig.

**SW:** Ja.

**V:** Wie het die walvisvleis voorberei?

**JS:** Hulle het dit van die Kaap af gebring, ek dink hulle het daar dit alreeds in *chunks* gehad, jy weet.

**V:** En dan nou af in die basis, wie het dit dan daar voorberei?

**JS:** Daarso was die geoloog en die landmeter, daai mense, dit was hulle werk om die honde te versorg.

**V:** En dan wat het mens met dit, moes die vleis ontdooi voordat mens dit vir die honde gee?

**JS:** Nee jy gooi daai *chunks* net so voor hulle uit.

**V:** Net so, met die...

**JS:** Ja, hulle eet uit die sakke uit.

**SW:** Mens kan sien dat 'n hond kan met jou kommunikeer. Moenie hierdie storie van die wetenskaplikes glo dat 'n dier nie kan kommunikeer nie.

**JS:** Hulle kan.

**SW:** Daai Groenland Husky, ek is eendag besig om die honde te voer. Jong en die ou begin blaf vir my, maar vreeslik opgewonde en ek kyk so om en hy vat 'n stuk vleis en hy gooi hom so in die lug en hy vang hom weer. Toe is dit 'n stuk walvisvleis, maar dis toe so hard gevries, dat hy dit nie gekou kon kry nie. Nou kyk hy het definitief vir my iets vertel daarso.

**JS:** Nee diere kan kommunikeer. Honde? Ek sal vir jou sê honde is slim goeters, hulle verstaan. Vra maar.

**V:** Maar wat mis mens op Antarktika?

**JS:** Wat mis mens?

**V:** Ja.

**SW:** Ek sou sê die kameraadskap.

**JS:** Ek het my familie gemis. Die eerste maal dink jy aan jou familie en jou vriende...

**SW:** Stel dit so, ek dink nie ek sal ooit weer soontoe wil teruggaan nie. Dit sal vir 'n baie spesiale taak moet wees, voor ek sal teruggaan.

**V:** Hoekom?

**SW:** Nee 'n ou is te oud want dit is harde werk.

**V:** So Antarktika, en wat mis mens as jy terug is in Suid-Afrika?

**JS:** Kyk ek sit baie keer, dan dink ek daarso oor Antarktika as iemand daarvan praat of so iets, maar dit gaan met die jare verby. Maar daai prentjie daar, daar in daai basis, hoe dit gelyk het, die bly by 'n mens. Jy sien altyd daai prentjie nog.

**SW:** En dis 'n vreeslike mooi plek.

**JS:** Ja en ons was gelukkig, ek weet nie of dit in ons jaar was of SANAE 3 nie, waar ons suiderligte kon sien. Die watse 'au'strale?

**V:** Aurorastrale.

**JS:** Aurorastrale.

**V:** Strikvraag?

**JS:** Nee my vrou onthou altyd vir my.

**SW:** Ons jaar was dit baie swak, Sewes.

**JS:** Ja in ons jaar was die swak, ons het dit in SANAE 3 het ons dit mooi gesien.

**V:** O, die poetsbakkery. Klink vir my dit was 'n groot manier om tyd te verwyl of besig te bly?

**SW:** Eintlik nie, weet jy?

**V:** Nie?

**SW:** Ek verstaan ou Anton Swanevelder was 'n groot poetsbakker, dis wat die ouens my vertel.

**V:** Waar was Anton Swanevelder, was hy ook op Antarktika?

**SW:** Ja maar 'n jaar of wat voor my tyd.

**JS:** Was hy voor jou, Swanevelder? Was hy nie saam met Andrew Venter-hulle nie?

**SW:** Miskien.

**JS:** Of saam met Skroef van Zyl?
**SW:** Ek het gedink hy was omtrent saam met jou met jou eerste ekspedisie.
**Dora:** Hy was SANAE II, landmeter op SANAE II gewees.
**JS:** Saam met Van der Westhuizen.
**V:** Nou waaroor gesels mens nou as jy so op Antarktika sit?
**JS:** Waaroor gesels jy?
**V:** Die weer?
**JS:** Jy is reg ja, oor die weer, maar tog is daar, hy het so uitlopende en belese belangstellings tussen die mense, laat hulle soms oor allerhande dinge kan argumenteer. Soos wetenskaplike dinge ensovoorts, jy weet. Partykeer oor hulle vakgebiede. Daar is tog op sosiale vlak ook gesels. Nou baie van die dinge...
**V:** Is dit nou nie herhaalbaar nie?
**JS:** Ek weet baie van daai jong mense.
**SW:** Jy weet wat interessant is, met ou Jan Dock se 70ste verjaarsdag, toe was ek ook daar nè, ou Jan het ons almal bedank en hy het toe vertel wat ons almal vir hom beteken het op Antarktika onder andere vir Danie. Ou Danie het hom bewus gemaak van veral die Amerikaanse letterkunde.
**JS:** Sulke goed jy sien.
**V:** En politiek? Hoe baie politiek gesels ’n mens daar?
**JS:** Weet jy snaaks, ek glo nie ons het veel politiek gesels nie omdat ons nie daaglikse nuus gesien het en sulke goed nie, né?
**SW:** Maar julle moet onthou Suid-Afrika was toe in die smeltkroes gewees. Dit was die tyd wat Apartheid hoogty gevier het.
**JS:** Ja en ons het nie *zamboons* daar gehad om ons te laat protesteer nie.
**SW:** Ons seil terug, ou Zec Ezekowitz, die Jood daardie ou was ’n profeet, en oorkant hierdie eiland - wat was die eiland se naam?
**V:** Robbeneiland?
**SW:** Robbeneiland. Ou Zec leun so teen die rug se reëling. Hy kyk so na my en hy wys so die eiland en hy sê "*Johnny, there is our future president*" en wragtig hy was reg. Ek het *obviously* die Jood van die skip af gegooi.
**V:** Toe mens terugkom in Suid Afrika, wat het verander in Suid Afrika? Het mens iets opgemerk?
**SW:** Die pryse van goed, en die Beatles het hoogty gevier.
**V:** Julle was nie die span wat terug gekom het en toe is die mini skielik in die mode nie? Die kort mini, die kort rokkie?
**SW:** Ja.
**JS:** Ja, maar was die mini nie al in ons dae nie?
**SW:** Hy was al ’n ou ding gewees in ons tyd. Om die waarheid te sê die ou tannies wat dit gedra het, hul het al knopperige bene begin kry.
**JS:** Want jy weet, jy kan maar sê ons het in die begin van die gewaagde tyd gelewe. Kyk in ons dae was dit maar, as jy nou daai fliek wat ek net sy naam kan onthou...
**V:** Die Brigitte Bardot fliek?
**JS:** As jy nou na daai tyd kyk en jy kyk nou vandag na die goeters. Ag man, dis niks.
**SW:** Onthou jy daai fliek wat ons daar gehad het met die hoofakteur, was die ou wat in Zorba die Griek gespeel het, en dit het gegaan oor Alaska.
**V:** Ice Station Zebra?
**JS:** Anthony Quinn?
**SW:** Anthony Quinn ja, nou ry hy met hierdie Huskies en hoe ons die manier wat hy die Huskies ingespan het en hulle gery het, gekritiseer het asof ons nou groot kundiges was.
**JS:** Hulle ken nie eers vir Anthony Quinn nie.
**V:** Ken die naam, die naam klink bekend.

**JS:** Ek dink hy het in 'Zorba the Greek' gespeel.

**V:** Die ander ding, wat leer mens in Antarktika?

**JS:** Ek sal vir jou sê, 'n mens leer baie, as ek dit vir jou moet sê, leer baie van jouself.

**SW:** En om met mense klaar te kom.

**JS:** Want jy weet, as 'n mens na jouself as 'n persoon kyk, dan is daar drie dinge wat altyd 'n rol speel in jou lewe, né en wat vir jou in krisisse bring. Wat jy dink, wat jy doen en wat jy sê. In 'n sekere volgorde, né? Dis hoe ons ook baie sondig raak, daai drie dinge, is dit nie so nie? Daar moet jy jou woorde tel, dis wat ek geleer het, want ek was in 'n leiersposisie. As daar 'n saak besleg moes word, dan moet ek mooi gedink het oor sake maar ek was nogal so 'n mens. Om te gaan kyk na al die kante, hoe gaan jy dit nou sê en hoe gaan jy diplomaties wees. Met ander woorde, jy leer jouself ken en wat jy kan vat en partykeer as die dinge jou *torment* dan het jy bietjie eenkant toe gegaan, 'n stilte gesoek ek miskien die Vader se hulp gevra. Of so, né? Ek dink 'n mens het ook jou God leer ken daar, wragtig. Dan moet jy na ander mense kyk en jy moet na hierdie mense kyk en dan partykeer moet jy probeer om op een of ander manier hulle ook op te hef. Jy weet, al is dit nou dat jy sien hierdie ou is 'n teruggetrokke ou en dan moet hy aan iets deelneem of so iets, of wat ook al. Sulke goed, né? Of jy moet altyd ook stimuleer. Jy moet probeer laat die ouens nie krisistye beleef nie. Onder mekaar, wat sal 'n mens dit nou noem? Gruwel ontwikkel nie, konflikte veroorsaak nie en dis nie altyd maklik nie, en soms is jy alleen en dan het jy 'n gespreksgenoot nodig. Ek het 'n paar gehad wat 'n mens meekon praat, want 'n mens is maar 'n mens en soms moet jy iemand as 'n klankbord gebruik, is dit nie so nie? Dan het jy maar met mense gaan gesels.

**V:** En vir oom?

**SW:** Ek het gevind een van die wyse manne in die ekspedisie was ou Wilfred Hodsdon.

**JS:** Ja, want hy was 'n werktuigkundige en 'n ou staatmaker.

**V:** Op watter manier het u hom gevind as 'n staatmaker of 'n wyse man?

**SW:** Hy het altyd goeie raad gehad en vir 'n werktuigkundige was hy 'n baie intelligente ou, goed geleerd. Hy het 'n akademiese matriek gehad, byvoorbeeld. Ek meen, hy is nie net 'n ou wat na skool na 'n ambagskool toe is nie.

**JS:** Wat jy eintlik bedoel is, 'n beginselvaste mens gewees, jy weet.

**SW:** Dit ook.

**JS:** En hy was tog meer ervare gewees.

**SW:** Altyd 'n baie mooi verhouding met almal gehad, nooit sy humeur verloor nie.

**JS:** Dis reg ja, rustige mens.

**SW:** Ou BJ kon nogal sy humeur verloor, soos ek netnou vertel het van die stompies in jou koffie.

**V:** Nee daar was maar soms mense met kort humeure?

**JS:** Ja, nee kyk, laat ek dit so vir jou vertel, elke mens het maar daai oomblik van, wat noem 'n mens die woord? Nie so verdraagsaam is nie, en dan raak jy onmiddellik 'n bietjie aggressief, *and what have you*, en daar was maar sulke dinge. Maar gelukkig het die mense dit baie maklik onder mekaar besleg, want soos hy sê daar was altyd 'n paar mense soos ou Wilfred Hodsdon was, wat vredemakertjies was. Belangrike mense en sulke dinge, né? Wat mense gekalmeer het. Ou Boetie John was ook 'n ou wat mense kon... Alhoewel hy aan die een kant so lekker kan vuur vat, kon hy darem weer die vlamme ook doodslaan.

**V:** Wat is die verskil tussen die dinamiek van SANAE 3 en SANAE 6? Was daar verskillende dinamiek gewees?

**SW:** Wie was op SANAE 3?

**JS:** SANAE 3 was Marten en ek was daar. Nou jy...
**SW:** SANAE I het ’n probleem gehad met Ronnie Plotkin.
**V:** Nee dit was nie een nie.
**JS:** Nee dis nie een nie, SANAE 3 was ons né? Ek was die leier en nou vra sy hoe sien ek die twee goed nou, as ek nou daarna kyk moet jy onthou, by die vorige een was ek net ’n gewone lid. Nou het die rolle omgeswaai, het ek leier geword in SANAE 6, né? En dit is heeltemal ’n ander benadering. Want nou het jy sê maar so gekyk en ander tye het jy so en so gekyk, nie waar nie? ’n Mens het mos maar ’n horisontale en ’n vertikale lewe waarin mens beweeg, nie waar nie? Hier onder die horisontale, daar’s waar al die roesemoes gaan aangaan, nè? En dan moet ’n mens ook partykeer verhoed dat daar dinge is soos *gossip*, skinder en sulke soort van goed, want dit is die die goed wat konflik en sulke goed veroorsaak, né? Nou ja, ek weet nie hoe was dit nou in SANAE 6 nie, maar ek dink ons het nogal ’n naby verhouding gehad.
**SW:** Ons was ’n baie suksesvolle span.
**JS:** Ek dink so.
**SW:** Weet jy, as ek moet sê hoe meet jy watter barometer gebruik jy om die sukses van ’n ekspedisie te meet, is hulle bywoning van die Antarktiese dinees. Jy sal sien al die ekspedisies wat heeltemal onsuksesvol was, niemand kom soontoe nie, hulle bly weg. Ou Shaun Cavin, daar’s ’n ekspedisie, jy sal nooit een van sy ouens sien nie. Daai ekspedisie wat Ronnie Plotkin in was, het net van die wêreld af verdwyn.
**JS:** Ja dis snaaks. Met ander woorde jy het ’n soeke na, op watter vlak van kameraadskap het hierdie ouens beweeg, né? Ek dink in SANAE 3 het ons dit redelik gehad, ek dink so. Want ons het almal met mekaar kon gesels. Daar was ouens wat ’n bietjie, hoe sal ’n ou sê, jy kry mos hierdie soort van ’n halwe alleenloper, so bietjie? Ek het nog altyd daarvan gehou om met mense te gesels, ek gesels lekker met mense en dis een van my moeilikhede, ek gesels sommer met mense en dan netnou gesels ek te lank, soos daardie ou ouetehuis ook. Want ek moet nou nie daar praat nie, as ek ’n ou oefeninkie wil gaan doen daar, so lekker om te gaan stap, dan hak ek vas en dan doen ek nie my oefening nie. Nou ek dink in SANAE 3 het ons darem ook hierdie soort van storie gehad. Ek weet nie hoe het hulle dit, daar was... Ek het tussen die mense goeie kameraadskap gehad, maar daar is party mense, as leier nou, tussen party mense was daar vir my ’n probleem. Ek weet nie, dis asof hulle nie oop was nie, maar tog het hulle met die tyd nadat van hierdie konflikte nou weer, sê as hy die growwe plekkies weggeskaaf het, was daar ’n baie nader storie, is dit nie John? Jy kan beter daar praat, want jy was daar onder in die stories. Want ’n mense het dit opgelos en ons is met ’n baie goeie gees daar weg.
**V:** Het iemand agtergebly van julle span op SANAE 6?
**SW:** Nee.
**JS:** Nee daar het nie. Maar daar het weer ’n leier gekom uit een van ons sinne, Danie Joubert.
**SW:** Wilfred Hodsdon ook, want hy het mos daai spannetjie onder by Marsteinen.
**JS:** huh?
**SW:** Hulle het mos so klein basis daar gestig en hulle het oorwinter daar by Marsteinen, onthou jy dit? Ou Wilfred was in beheer van daai groepie. Dis waar hy die een man verloor...
**JS:** Was dit nou in ons jaar?
**V:** Nee die volgende jaar.
**JS:** Ek wou sê seker die volgende jaar want hy het mos weer gegaan, né?

**SW:** Dit was na ons tyd.
**JS:** O ja kyk ek weet nie veel van daai nie.
**SW:** Dis waar hy daai een outjie verloor het. Die outjie het afgeval.

**V:** By die berg?
**SW:** Ja.
**JS:** Dis reg.
**V:** Nou sou mens kon sê, mens het op SANAE 3, het ’n invloed gehad op hoe mens op SANAE 6 beleef en gelei het?
**JS:** Ek dink so. Want onthou, as jy dink aan jou gesprekvoering met Marten du Preez, sal jy agterkom het dat hy ’n standvastige tipe mens is met baie goeie beginsels. Hy was ook ’n godsdienstige mens, so hy het net geleef in die waarheid as ek dit so kan stel.
**SW:** Hy het iets gedoen wat vir my vreeslik moed gekos het.
**V:** Wat was dit?
**SW:** Onthou jy toe julle by Antarktika aangekom het? Toe het twee ouens hulle sleg gedra en hy het hulle op die skip gesit en teruggestuur Kaapstad toe.
**JS:** Dis reg, ja. Kyk ons het daar gehad, en dis hoekom ons harder moes werk, daar was twee ouens, vier ouens wat nou meer - o hulle was *carpenters* en sulke tipe ouens, né? Wat moes help want as jy so ding aanmekaar sit het jy sulke tipe mense nodig. Daar was ’n konflik gewees, ek het nou hulle name vergeet. Ek kan nie onthou of hulle van DOW, departement... DPW se mense was nie, publieke werke, van daai mense was nie, maar hy het hulle onmiddellik laat terug gaan met die skip. Want daai mense sal deur die jaar... Jy kan nie sulke mense wat moeilikheid maak daar hê nie, maar hy het dit gedoen.
**V:** Ja dit is nogal ’n moedige stap.
**JS:** Ja, dit is ’n moedige stap, kyk ek bedoel as jy in daai posisies is en jy moet so stap doen, dan moet jy dit doen en as jy probleme het moet jy besluite neem. Ek bedoel Moosa se winkel is nie daar nie en al sulke goeters en dan sekere tye moet jy sekere besluite neem, want jy sit daar en jy laat weet maar vir hulle hier dis die probleem en ons maak nou so. Klaar.
**V:** Aan wie was die leier direk verantwoordelik, of verantwoordbaar? Aan wie het jy gerapporteer?
**JS:** Wie ek?
**V:** Ja.
**JS:** In watter jaar nou?
**V:** In SANAE 6, as leier.
**JS:** SANAE 6, aan wie het ek gerapporteer? Ek was verantwoordelik in die Departement van Vervoer.
**V:** 'n Spesifieke persoon daar?
**JS:** Dis nou interessant wat jy my vra. Ek kan nie onthou nie of ek, met wie ek gewerk het nie. Weet jy, jy slaat my nou tussen die oë weet jy, ek sal moet dink.
**SW:** Anna van Wyk.
**V:** Wie was Anna van Wyk gewees? Skoonma?
**SW:** Sy het vir ons die pizza gebring.
**V:** O, dis daai Anna?
**JS:** Weet jy, dis ’n goeie vraag ek moet nou dink daaroor.
**V:** Was dit een persoon gewees, of was daar ’n paar? Of was dit net ’n adres gewees?
**JS:** Ek weet nie of die... Dit was tog nie ou Hendrik nie. Nee, nou weet ek wraggies nie. Aan wie, as ek nou dink as daar briewe geskryf is en ek het terug geskryf, aan wie en wat nie. En of dit was aan die direkteur, want ’n mens het mos maar altyd geskryf vir die Direkteur Departement Vervoer. Dan weer af so... Kyk die staatsdiens het ’n baie rigiede soort van kommunikasielyn gehad, né? *Red tape*-tipe goed. As ek nou daaroor dink, dis seker hoekom ek dit nie onthou nie.
**V:** En dan, beskryf Antarktika.

**JS:** Beskryf Antarktika? Jy weet, toe ek en hy die eerste maal vir iemand ’n skyfie vertoning gewys het en hulle vra vir my hoe lyk Antarktika, dan sal hy jou sê wat was my antwoord. Ek het gesê: “Hang ’n laken teen daai muur, dat hy so bietjie gekreukeld is ook”, so lyk dit daar. So wit en jy sien niks nie, maar wat interessant is, as jy vir ’n oomblik in die aand alleen daar sou wees, kyk ek het baie keer in die aand uitgestap sommer net daar gaan staan en luister. Dan al wat jy hoor, en dit was stil, jy hoor nie kriekies nie en jy hoor nie sulke goedjies soos hier by ons nie. As jy net so effens roer dan hoor jy daai gekraak van die sneeu, nie waar nie?

**SW:** En hoe die bloed deur jou ore suis.

**JS:** Ja en baie keer het ’n mens, het ek die voorreg gehad om te hoor ’n slag soos ’n kanonskoot, en dan het jy geweet daar nou weer is ’n ysberg gebore, stuk van daai wal het afgebreek, né? Sulke goed. Wat vir my ook altyd interessant was, as dit so oop ruimte is, die sterre was vir my altyd of hulle helderder was. Ek weet nie of jy dit ook ondervind het nie? Onthou jy het sterre, vir hulle gekyk en vir hulle gewerk.

**SW:** Ek het baie sterrekunde gedoen, ja.

**JS:** Dit was vir my of hulle helderder was.

**SW:** Eendag het ek ’n besondere ding gesien wat altyd by my sal bly. Die wind het twee sastrugi’s so gewaai, dis nou die sneeugolwe, dat hulle sulke skerp punte gevorm het en die son het gesak en die hele wêreld het ’n rooskleur gehad.

**JS:** Dis reg, ja. Die oppervlakte soos die son nou sak, jy weet as hy op sy laagste punt kom, dan lyk dit mooi. Hy is so rooskleur soos hy sê.

**SW:** Ja.

**JS:** Dit is pragtig, partykeer het jy... Hoe lank het ons ’n sonsondergang gehad in die winter? Wat die son nou bietjie weg was? Nie baie lank nie, né? Want dit is nooit so verskriklik donker nie. Dis baie snaaks, dis asof die son net so agter die horison verdwyn, maar hy skyn net nie dat jy hom kan sien nie, maar sy glans is nog daar, nie waar nie? En dan die ander ding wat vir my ook mooi was, as dit nou so oop lug is en die maan sit daar en hy skyn so vol dan lyk dit of hy nou so *halo* om hom het, dan lyk dit soos ’n flits wat daar so op die sneeu afskyn, jy weet. Dit is wat vir my spesiaal was.

**SW:** Ou Flippie was altyd baie bygelowig, onthou jy? Eendag kom hy ingestorm daar in die eetsaal, toe sê hy "Kêrels, kom kyk, hier is iemand op pad na ons toe", toe ons kyk, uitgaan daar uit die luik uit, toe is daar ’n groot rooi lig, amper soos ’n kar se agterlig. En ek neem die tyd en ek neem die kompaslesing na dit en ek bereken toe waar dit is, toe is dit die planeet Mars. Julle het al gesien as die maan so groot is as hy opkom, toe het dit dieselfde effek Mars gehad, hy is net so groot.

**V::** Fantasties.

**JS:** Ja jy sien dis sulke goedjies wat interessant is.

**SW:** Nee jy sien baie snaakse goed daar.

**JS:** Maar ek sal vir jou sê as jy daar so uit loop en jy staan alleen daar, daar is niemand daar by jou nie en daai plek, dit lyk so verlate en stil daar... Dan gaan daar baie dinge deur jou gedagtes, hoor. Van menswees en hoe klein jy eintlik is.

**V:** Okay, dankie.